# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 366 • November 2023



*... en jy moet dit jou kinders inskerp ...*

LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

November 2023 | No. 366

# INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Die gesin rondom die huisaltaar

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Ruan Combrink**
My huis in aanbidding ........ 1

**AMPTELIK** ........ 3

**ONTVANG DIE WOORD**
**Ds. Paul Möller**
Hoe bou jy aan jou geestelike huis? ........ 4

**HOOFARTIKEL**
**Prof. Izak Brink**
Huisgodsdiens: Die weg tot aanbidding en diens aan God ........ 6

**ARTIKELS**
**Ds. Joubert Ferreira**
'n Herder vir jou kind se hart ........ 8
**Ds. Ryno van As**
Huisgodsdiens as oefening vir die erediens ........ 10
**Ds. Henning Dafel**
Begin by huisgodsdiens ........ 12
**Danie en Maritsa Pretorius**
Praktiese wenke: Huisgodsdiens vir kleuters ........ 14
**Janlo en Surene Möller**
Wat is hierop u hoorbare antwoord? ........ 16
**Pieter van Deventer**
Agt wenke vir vrugbare huisgodsdiens met ouer kinders ........ 18
**Louise Viljoen**
Huisgodsdiens: Gesinstyd met God ........ 20

**AKTUEEL**
Huisgodsdiens: Om voor God te buig ........ 22
Brief ........ 24
Bybelwoordblok ........ 23
Smeltoond: Waar is die kontant heen? ........ 25
Antwoorde: Bybelwoordblok (Oktober 2023, bl. 7) ........ 32
Gemeentenuus ........ 26

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Möller**
Paul Kruger – Afrikanerkolos ........ 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Charlotte Fourie**
Kinders by dosyne! ........ 35

**VOORBLAD:** Die opdrag tot huisgodsdiens is duidelik: *En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan* (Deut. 6:6-7).

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
HJ Dafel, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint
**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt
Uitgegee deur:
Lig in Duisternis
UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# My huis in aanbidding

**Ds. Ruan Combrink**[1]

**As gelowige gesinne gevra sou word om te bely watter aspek van die Christelike lewe hulle versuim, sou die meeste waarskynlik kop laat sak en bely dat dit huisgodsdiens is wat in die slag bly. Sommige gelowiges mag dalk beweer dat dit nie ’n noodsaaklikheid is nie, of dat dit nêrens in die Bybel pertinent beveel word nie. Dit is egter dikwels net ’n regverdiging van eie versuim.**

Die meeste gelowiges sal eerder saam met Josua bely: ... *maar ek en my huis, ons sal die Here dien* (Jos. 24:15) en daarmee is die bedoeling sekerlik nie om nét Sondae se erediens by te woon nie! Daarom besef die meeste gelowiges dat dit ’n noodsaaklikheid is en sal selfs getuig dat dit iets is wat hulle graag wil doen. Waarom gebeur dit dan dat huisgodsdiens in Christenhuise dikwels ’n meer-af-as-aan-gewoonte is?

Christenouers beleef dat uitdagings soos die gebrek aan tyd en energie, die groot struikelblokke is. Tog is daar daagliks tyd en energie vir allerhande ander tydverdrywe, aktiwiteite en stokperdjies. Wat heel moontlik eerder skuil agter die gebrek aan huisgodsdiens, is dat ouers voel hulle nie opgewasse is om dit te doen nie. Dit kan wees weens eenvoudige uitdagings soos: “Ek lees te swak,” of, “ek bid nie goed genoeg nie”. Dit kan ook weens meer wesenlike vrese wees, soos: “Ek is bang vir die vrae wat die kinders my gaan vra,” en, “wat as ek dit nie kan antwoord nie?”

**Christenouers voel eenvoudig nie opgewasse huisgodsdiens te doen nie; hulle voel onbekwaam en swak toegerus. Dít is waarmee hierdie uitgawe lesers wil help. Die inligting, riglyne en praktiese raad wil ouers toerus om met vrymoedigheid die huisaltaar in hul huise tot sy reg te laat kom.**

## Wat is huisgodsdiens?

Uit die mond van Joel Beeke, ’n absolute gesag oor die onderwerp, kan ons huisgodsdiens definieer as “’n daaglikse, doelgerigte, volgehoue oefening in toewyding deur Skriflesing, gebed, gesprek en sang in die verband van die huisgesin.” Paulus moedig Timótheüs aan om te bly in wat hy geleer is – sy moeder Eunice en sy grootmoeder Loïs, het hom van kleintyd af in die Bybel onderrig (vgl. 2 Tim. 1:5; 3:14-15). Reeds in Deuteronómium 6:6-9 word ouers beveel om hul kinders die wet van die Here in te skerp en daaroor te spreek – aan huis en op pad en saans en soggens; dat dit aan die deurposte van die huis en die poorte geskryf moet word. Dit is dus duidelik dat huisgodsdiens nie iets is wat aan “die kerk” uitgekontrakteer kan word nie. Die kerk word saamgestel uit gelowige huisgesinne en godsdiens moet in die huis begin. Skriflesing en gebed is voor die hand liggende onderdele daarvan – dit is immers hoe die dialoog tussen God en gelowiges plaasvind: Hy spreek tot ons deur sy Woord en ons spreek tot Hom deur gebed. Die bogenoemde teks in Deuteronómium maak dit egter duidelik dat gesprek ’n belangrike deel van huisgodsdiens moet uitmaak. Ouers moet kinders dit inskerp en terloops, die wet van die Here moet ook in ouerharte wees. Verder kan uit Psalm 118:15 afgelei word dat sang ook in die tente (of huise) van gelowiges tuishoort:

> *’n Stem van gejubel en van heil is in die tente van die regverdiges: die regterhand van die Here doen kragtige dade.*

Huisgodsdiens moet ’n oefening in toewyding wees; dit moet ’n daaglikse doelgerigte dissipline wees. Anders gestel: Dit moet ’n gewoonte wees. Beeke vergelyk dit met tande borsel. Jy sal nie sê: Ek is te moeg om my tande vandag te borsel nie. Jy sal nie sê: Ek het nie tyd om vandag my tande te borsel nie. Dit is eenvoudig so

1. Leraar van die AP Kerk Orania en redaksielid van *Die Boodskapper*.

deel van jou roetine, dat jy vanselfsprekend aanvaar dat jy dit gaan doen. Om dit na te laat, is eenvoudig nie 'n keuse nie. Só moet dit ook met huisgodsdiens wees. Om huisgodsdiens te vestig, verg toewyding en dissipline. Maar dit is moontlik en as dit eers gevestig is, 'n gewoonte geword het, word dit werklik soos tande borsel en die voordele is veel meer as net 'n mooi glimlag!

## Die waarde van huisgodsdiens

Hebreërs 11:1 leer ons dat geloof bestaan uit 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop en 'n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie. Die Heidelbergse Kategismus som dit in Sondag 7 (v/a 21) op as 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue. Daaglikse, volgehoue en toegewyde huisgodsdiens, bied die ideale geleentheid om in kennis van God, sy Woord en sy verlossingsplan te groei. Dit is ook nie net 'n geval van ouers wat kinders leer nie. Die beste manier om self te leer, is om ander te leer. Die gesinsverband bied 'n veilige klankbord wat nie veroordelend teenoor die gebrekkige voorganger se onvermoë om homself altyd perfek uit te druk, staan nie. Die waarde van so 'n klankbord is dat ouers dikwels in hul poging om iets te verduidelik (soos aan hul kinders), self tot dieper insigte oor die onderwerp kom, veral as daar nog 'n paar goeie vrae gevra word.

> **Moenie kinders se vermoë om goeie vrae te vra, onderskat nie! 'n Vrees vir moeilike vrae behoort ouers ook nie te ontmoedig nie. Daar is geen fout daarmee om te sê nie: "Pappa is nie seker nie; kom ons vra die dominee." (Hy mag dalk ook nie weet nie, maar sal die hulpbronne hê om die antwoord te kry!)**

Die groei in kennis van God (en op grond daarvan, ook vertroue op Hom) en die groei in geloof, verdiep ons geestelike lewens. Eintlik verryk dit elke aspek van ons lewens! Kinders wat daagliks huisgodsdiens doen, vind dit nie vreemd om op 'n Sondag te bid, te sing, Bybel te lees en te luister nie. Huisgodsdiens is 'n oefening vir die erediens. Kinders wat van kleintyd af huisgodsdiens doen, sukkel nie om as volwassenes voor ander te bid nie. Dit is tweede natuur. Dit is soos tande borsel.

'n Verdere aspek van belang, naas die groei in geloof en die geestelike verdieping, is die waarde van die verhoudings wat deur huisgodsdiens gebou word. Die ruimte wat huisgodsdiens skep, leen dit tot vrae oor God, sy Woord en geloof. Die waarde van die gesprekke wat plaasvind, strek veel wyer: Kinders kry die geleentheid om vrae oor alledaagse dinge te vra en dit bou 'n vertrouensverhouding. Baie ouers beleef groot frustrasie wanneer kinders hul tienerjare bereik en nie meer met hulle wil "praat" nie. As kinders van kleintyd af elke dag met ouers gesprekke oor alledaagse sake, hartsake en selfs onbenullige sake voer, sal hulle later terugkom om te vra. Selfs die "moeilike" gesprekke word makliker as daar 'n goeie en oop ouer-kind-verhouding is. Huisgodsdiens doen onmeetlik baie vir só 'n vertrouensverhouding.

Hierdie uitgawe wil gelowiges wys op die aard en noodsaaklikheid van huisgodsdiens; dit wil staan op die skouers van ander Godvresende medegelowiges; dit wil ouers help om huisgodsdiens as oefening vir die erediens in te rig; dit wil praktiese wenke vir gesinne in verskillende fases van kinderopvoeding gee; dit wil ouers toerus met hulpmiddele uit die pen van toegewyde, gehoorsame Christenouers.

Bowenal moet huisgodsdiens deel uitmaak van 'n groter doel: Om herders van ons kinders se harte te wees in navolging van ons roeping om hulle te evangeliseer. Huisgodsdiens moet die koninkryk van God bou – tot sy eer en verheerliking. Met die aanbidding van die Allerhoogste in gedagte, laat ons ag slaan op Spreuke 22:6:

> *Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.*


## Wil jy finansieel bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:** Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068 • Takkode: 632 005
*Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer*

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Ruan Combrink (Orania) na Naboomspruit.

### Beroepe aanvaar

- Ds. Adriaan Appelgryn (Arnot/Hendrina) na Hardeveld/Olifantsrivier/Calvinia/Fraserburg/Clanwilliam/Namakwaland.

### Beroepe bedank

- Ds. Francois de Bruin (Bethlehem) na Frankfort.
- Ds. Ruan Combrink (Orania) na Naboomspruit.

## UIT DIENS GETREE

Ds. PG Stans (Kathu) het op 11 September 2023 as lidmaat en leraar bedank.

## PROPONENT BEROEPBAAR



Die Kuratorium het mnr. Dawid Nel op 3 September 2023 weer as proponent gelegitimeer. Hy is beroepbaar tot 9 Maart 2024. Dawid is die eerste gehoor- en siggestremde persoon wat binne die AP Kerk gelegitimeer is.

## SKOOLKWARTALE 2024

| | |
|---|---|
| Eerste kwartaal: | 17 Januarie – 20 Maart |
| Tweede kwartaal: | 3 April – 14 Junie |
| Derde kwartaal: | 9 Julie – 20 September |
| Vierde kwartaal: | 1 Oktober – 11 Desember |

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

| | |
|---|---|
| Eerste kwartaal: | 17 Januarie – 20 Maart |
| Tweede kwartaal: | 2 April – 14 Junie |
| Derde kwartaal: | 8 Julie – 20 September |
| Vierde kwartaal: | 30 September – 11 Desember |

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2023

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Des. 2023/Jan. 2024** | 13 Oktober | 27 November |

## Advertensietariewe 2023

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R210 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R550 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 150 | R2 500 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 000 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 250 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 050 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 000 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 400 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R7 300 |

*50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.*

**Bankinbetalingsbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Maart*** | Goeie Vrydag |
| **1 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Mei** | Hemelvaart |
| **19 Mei** | Pinksterfees |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **17 Junie*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **27 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# Hoe bou jy aan jou geestelike huis?

**Ds. Paul Möller**[1]

**Skriflesing:** Deuteronómium 6 • **Sing:** Ps. 128:1, 3; Ges 66:1; Ges 44; Ges. 335:1-2

Hoe bou ons? Ons ken almal die storie van die drie varkies wat met verskillende boumateriale hul huise gebou het. Mense bou ook met verskillende materiale: sommige bou met stoppels en hooi, ander met stokke en nog ander met stene en sement. Waarmee bou kinders hul geestelike huise? Waarmee bou óns ons kinders se geestelike huise?

Die Here Jesus konfronteer ons met hierdie selfde gedagte in die Nuwe Testament:

> *Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het* (Mt. 7:24-26).

Ons weet dat daardie huis inmekaargeval het. So, dit is uiters belangrik hoe daar aan ons kinders se geestelike huise gebou word!

Nou die vraag: Wie almal help bou aan ons kinders se geestelike huise? Kinders bou self en as ouers hélp ons bou. Daar is selfs 'n hele bouspan wat help!

## Kinders bou self

Soos kinders ouer word, bou hulle self aan hul geestelike huise deur Bybel te lees en te bid. Om sterk huise te bou, moet daar elke dag gebid en ook na die Woord van die Here geluister word. Daar moet stiltetyd gehou word! Dit is belangrik om skool toe te gaan, om huiswerk te doen. Sport is ook belangrik; selfs om net te ontspan, is belangrik. Maar die belangrikste van alles is om áltyd tyd te maak om te bou aan die verhouding met die Here. Gebed is soos om asem te haal en Bybel lees soos om kos te eet. As kinders nie asem haal en kos eet nie, sal hulle doodgaan. Dieselfde gebeur wanneer die Bybel nie gelees en daar nie gebid word nie. Hul geestelike huise word dan spreekwoordelik met stoppels en hooi gebou. Kinders moet hul hele lewe lank getrou bly om voortdurend stiltetyd te hou.

Geen mens bou alleen aan 'n huis nie – daar is altyd ander mense wat help bou. In Deuteronómium 6:7 staan:

> *... en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in die huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.*

Hierdie vers leer ons dat ouers ook help om kinders se geestelike huise te bou.

## Ouers help bou

Ouers het 'n baie groot taak. Daar word hard gewerk om in kinders se versorging te voorsien: van kos, van klere, van 'n dak oor die kop. Ouers wil die beste vir hul kinders hê. Verder is dit hulle begeerte dat hul kinders na die beste van hul vermoë sal presteer. Ouers droom groot drome vir hul kinders se toekoms en wil hê dat hulle eendag die beste werk moet hê. Ouers se belangrikste opdrag is egter om hul kinders van die Here te

leer. Hulle moet hul kinders leer om die Here lief te hê. Hulle moet hul kinders van die Bybel leer. Saam moet die huisgesin gereeld huisgodsdiens doen. Ouers moet áltyd help om kinders se geestelike huise goed en stewig te bou. Hulle moet áltyd en in álle omstandighede van die Bybel leer: gedurende skooltyd en vakansietyd; oor die naweek en in die week; in die oggend en in die middag; by die huis en by vriende – altyd, orals.

Ouers moet hul kinders deur huisgodsdiens, maar ook deur voorbeeld, leer. Kinders kyk na hul ouers; hulle kyk wat ons doen! Hulle leer tot op 'n bepaalde ouderdom baie meer deur ons voorbeeld as deur ons woorde. Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op ons. Ouers speel 'n bepalende rol in die keuse van boumateriaal waarmee kinders hul geestelike huise bou.

Moet hierdie feit ouers met vrees vervul? Nee, dit moet ons biddend op ons knieë bring. Dit roep ons op om self weer baie mooi oor die Evangelie te gaan besin. Voordat die Here sy wet gee en sy kinders oproep om dit te gehoorsaam, leer Hy hulle eers uit die Woord dat God hulle uit Egipteland, uit die slawehuis, verlos het (vgl. Deut. 5:6). Ons kán ons kinders opvoed, omdat God ons gered het. Hy het ons én ons kinders syne kom maak. Ons ganse motivering vir die opvoeding van ons kinders moet vanuit hierdie genade gerig wees.

> In Deuteronómium 6:20-24 staan: *As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die Here onse God julle beveel het? dan moet jy aan jou seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die Here het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei. En die Here het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die Here het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is.*

Ouers, ons moet ons kinders nie net leer om God se wette en insettinge te gehoorsaam nie; ons moet hulle ook leer van sy wonderlike dade en bemoeienis met ons as sondaarmense! Hy het Israel nie net uit Egipte gered en aan hulle 'n land op wonderbaarlike wyse gegee nie – Hy het aan óns sy Seun gegee sodat ons én ons kinders sý kinders kan wees. Ons moet ons kinders leer dat die Here Jesus kom sterf het – sodat ons kan leef. Hy is ons Verlosser. Op hierdie vaste fondament moet ons aan die geestelike huise van ons kinders bou. Vanuit hierdie genade moet ons ons kinders leer om in woord en in daad, gehoorsame en dankbare kinders van die Here te wees.

> In Deuteronómium 6:8 staan: *Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees.*

Ons, saam met ons kinders, moet die Woord gaan bedink en gaan uitleef.

## Daar is 'n hele span bouers

Tog bou kinders en ouers nie alleen aan kinders se geestelike huise nie. Daar is 'n hele span bouers wat help: familie, 'n predikant, kerkraadslede, verbondsonderrigvoorgangers, onderwysers. Dit is baie interessant om in vers 4 te lees: *Hoor, Israel* ... Hier word met die hele volk gepraat, nie net met ouers nie. Hedendaags sou ons kon sê dat daar met die hele gemeente gepraat word. Die kerk waarvan ons deel is, het ook die verantwoordelikheid om in kinders se lewens te bou: die predikant moet so preek dat kinders so ver moontlik kan verstaan; die jeugaksies moet dinamies en Bybelgetrou aangebied word; verbondsonderrigvoorgangers moet elke les deeglik voorberei en aanbied. God se ewige Koningskap, wat oor alle terreine heers, moet aan kinders geleer word. Hulle moet so voorberei word dat hulle eendag self leermeesters en verkondigers van die Evangelie in hul eie huisgesinne sal wees. Die gemeente moet kinders van die roemryke dade van God leer – ook in ons eie tyd. God bly deur alle tye getrou! Hy laat nooit die werke van sy hande vaar nie.

## God s'n!

Ons en ons kinders behoort aan die Here, daarom moet ons deeglik en stewig aan hul geestelike huise bou. Die volgende moet in hul harte (en in ons s'n) gegraveer wees:

> *Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees ...* (Deut. 6:4-6). Amen.

1. Leraar van die AP Kerk Groblersdal.



# Huisgodsdiens: Die weg tot aanbidding en diens aan God

**Prof. Izak Brink**[1]

**Kenmerkend van die trekkers wat uit die Kaap die binneland ingetrek het, was die Bybel in die wakis en die plegtige samekoms (ná elke moeisame dag) as gesinne rondom die Woord. Hulle het die onbekende ingegaan met 'n vaste fondament waarop hulle gebou en vertrou het. Hulle het rondom die Woord van God gesinne en gemeenskappe opgebou wat in die Bybel geanker was. Wat het van hierdie verankering geword? Was dit in daardie dae slegs die resultaat van die nood van mense wat deur gevare en onsekerhede omring was?**

Dit is een van die hartseer waarhede van ons dag, dat min gesinne hulleself vir huisgodsdiens afsonder. Veranderde tye het ook die gesinslewe verander. Dreigende gevare is daar steeds, maar nou is goeie sekuriteit die druk van 'n knoppie ver. Is dit dalk waarom die Bybel van minder belang geword het? Dat dit nou net 'n boek vir Sondae is?

## God se ewige planne

Ons moet besef dat huisgodsdiens in lyn met God se wil vir ons is. In sy alwysheid het God die mensdom in gesinne laat groei: 'n pa, 'n ma en hul kinders. Gesinne vorm weer gemeenskappe en volke en groepeer, deur die Here se genade, in kerke. Aan hierdie gesinne het Hy Homself verbind deur sy beloftes reeds aan Abraham en sý kinders en kleinkinders, toe te sê. So verloop die heilsplan van God deur al die eeue langs die weg van die gesin.

> **Die Bybel wys ons op ouers se verantwoordelikheid om die gesin aan God se beloftes te bind. Kinders het die voorreg om hul ouers oor hul geloof uit te vra, met die verwagting dat hulle antwoorde daarop sal kry. (Vergelyk gerus Deut. 4:9; 6:6, 20; 11:18-21.)**

Trouens, God verwag van ouers om hul kinders volgens sy beloftes aan hulle op te voed. Dit is die weg tot 'n lewe van seën en voorspoed. In Spreuke 22:6 word daar 'n heerlike versekering bygevoeg dat, indien jy jou seun die weg van die HERE leer, hy in sy ouderdom steeds daarin sal volhard. So word die erkenning van God se heerskappy oor jou lewe, van geslag tot geslag, oorgedra. Hierin lê die geheim van 'n gesonde kerk en samelewing. Waar gesinne vanuit die Woord met mekaar saamleef, daar sal hulle die kerk opbou en die gemeenskap verryk.

Waar dít gebeur, is huisgodsdiens nie die blote reaksie op nood en krisis nie, maar gaan dit oor 'n leefwyse waar God erken en waar sy Woord, volgens sy wil, gelees en ondersoek word. 'n Godgeankerde lewe sal dien as suurdeeg wat die lewe om jou tot nuwe vrede en vreugde laat opbruis. In sy boek, *Competend to Councel*, noem Adams huisgodsdiens "gesinstoewyding". Hierdie toewyding is die suurdeeg wat vanuit die huis na die gemeenskap, die skool, en ook die kerk deurwerk en so bydra dat God oral verheerlik word. Hierdie toegewyde gesinne is skakels in God se verlossingsplan met die mens op aarde.

> **Huisgodsdiens sal elke lid van die gesin help om 'n skans teen die aanslae van die Bose, waarmee almal te doen kry, op te bou.**

## Huisgodsdiens onder geweldige druk

Op al die redes waarom huisgodsdiens in onbruik geraak het, kan nie nou ingegaan word nie. Genoeg is om te noem dat gesinne altyd kon steun op ander instansies om hulle te help met die vorming van hul kinders. Enkele dekades gelede is aanvaar dat die kerk, skool en gesin in vennootskap ten opsigte van die kind se opvoeding staan, wat Bybelonderrig ingesluit het. Hoe wonderlik

dat daar nog baie opvoeders is wat, ten spyte van druk, steeds hul werk met die Bybel in die hart doen. Ouers kan egter nie daarop steun of dit as plaasvervangend tot hul eie verantwoordelikhede aanvaar nie. Kerkgenootskappe doen wat hulle kan en daaroor moet ons dankbaar wees. Tog kan dit ook nie die taak van die ouer oorneem nie. Net die ouer ken sy kind om te weet wat vir hom of haar nodig is om in 'n verhouding met God te leef. Dit bly immers die verantwoordelikheid en roeping van die ouer om die verbondbeloftes van God aan hul kinders oor te dra. Ja, tye verander en daarmee saam ons lewensopvattinge ook, maar ons verantwoordelikheid teenoor God en ons kinders word by die dag groter.

**Ons sit dalk in die dilemma van gebrekkige huisgodsdiens omdat ons 'n vals gerustheid het dat skool en kerk, namens ons, kinders van die verlossing in Christus moet leer. Dit is dalk die rede waarom ouers kinders verplig om belydenis van geloof af te lê, maar self nie die moeite doen om kerk toe te gaan nie.**

Dit dra niks tot die eenheid van die gesin by nie en verwar kinders net nog meer. Terwyl ons kerk moeite doen om verbondskinders vir die lewe voor te berei, het die stelsel tog ook sy leemtes. Die kind se unieke behoeftes raak verduister agter die groter geheel wat aangespreek word – iets wat net met die persoonlike kennis en toegespitste aandag van liefdevolle en betrokke ouers, aangespreek kan word. Huisgodsdiens, wat nie deur vakansies beïnvloed word nie, bly die kosbaarste aktiwiteit wat elke gesin moet koester. Hierdie gesinne sal geestelik saamgroei en die erediens as feesgeleentheid beleef, wat tot nuwe toewyding en aanbidding sal lei.

## Die praktyk van huisgodsdiens

Die gebrek aan huisgodsdiens lê dalk ook daarin dat ouers nie weet hoe om dit te onderneem nie. Die vader (of die moeder as daar nie 'n vaderfiguur is nie), moet die verantwoordelikheid aanvaar om die leiding hierin te neem. Die ouer moet toesien dat die gesin die Here ken, sy opdragte uitvoer en dat almal in die beloftes van God leef. Die vertrekpunt is om saam, rondom die Bybel, stil te word: om te luister, te verstaan en toe te pas wat God in sy Woord sê. God kan enige kind tot geloof bring, al is ouers nie betrokke nie, maar dit neem nie die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van daardie ouers weg nie. Die vraag moet dus gevra word: Lê die afskaal van huisgodsdiens nie juis by ouers se gebrekkige geloof en vertroue in God nie?

In die intieme kring van die gesin kan die ouer die Bybel aan kinders verduidelik en op hul leefwêreld toepas. Hier moet ouers kinders wys op die verband tussen die Bybel en dit wat hulle elke dag by die skool of op die sportveld onderneem. Dit vra liefde vir die Here en vir die kind. Dikwels sneuwel huisgodsdiens rondom praktiese sake soos tyd. Ouers én kinders moet besef dat die Bybel belangriker as alle ander aktiwiteite waarmee programme so vol gelaai word, is. Dit vra dissipline en orde om 'n tyd te vind wat almal pas. Dit is wat kwaliteitomgang binne gesinsverband beteken. In die begin van so 'n aksie moet kort en bekende gedeeltes uit die Bybel gelees word. Uit die gedeelte moet die kerngedagtes beklemtoon word, wat weer die kern van die inhoud van die gebede vorm. Hierin moet, sover moontlik, elke lid van die gesin deel. Die sukses van hierdie toewyding rondom die Woord vra ouers se biddende afhanklikheid van God. Sonder sy leiding kan niks wat ons doen, slaag nie.

So word huisgodsdiens 'n doelgerigte aksie om te leer en te verstaan wat God se plan met elkeen in die gesin is. Hier word die verband tussen hierdie lewe en die ewige lewe verstaan. Ons en ons kinders mag voor 'n onbekende en gevaarlike toekoms staan. Maar, as ons gebind is aan God se verlossingsplan, waar geloof in Jesus Christus onder leiding van die Heilige Gees ontdek word, verdwyn die onsekerhede van môre, want ons weet God is in beheer. Dit is die anker van ons lewens en die suurdeeg wat moet deurwerk na ons kerke.

**Daar waar huisgodsdiens die vertrekpunt van 'n gesin se dag is, sal harmonie en vrede heers. So 'n gesin kan met Josua uitroep: *... maar ek en my huis, ons sal die HERE dien* (Jos. 24:15).**

1. Voormalige dosent aan en kanselier van die AP Akademie; voormalige Direkteur van Kerkadministrasie; emerituspredikant.

Het jy geweet ons publikasies kan ook aanlyn bestel word?
Gaan loer gerus by **www.liginduisternis.co.za**
Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS



# ’n Herder vir jou kind se hart[1]

**Ds. Joubert Ferreira[2]**

Carla het opgehou om haar huiswerk te doen. Haar onderwyseres het haar ouers gekontak om hulp te vra, maar haar ouers kon nie help nie. Carla (12) was nie gehoorsaam nie; sy was nie onderdanig aan hul gesag nie. Haar ouers het gehoop dat die skool vir haar die nodige rigting en motivering sou bied.

Hierdie verhaal is nie ongewoon nie. Teen 10- tot 12-jarige ouderdom het baie kinders alreeds die huis verlaat. Hier verwys ek nie na ’n fisiese verlaat van die huis nie, maar na kinders wat op ouderdom 10 tot 12 hul ouers as gesagsbron of verwysingspunt van hul lewens, “verlaat”.

In terme van ouerskap het ons kultuur die pad byster geraak. Ons is soos ’n skip sonder ’n roer en kompas. Daar is ’n gebrek aan rigtingbepaling ten opsigte van ons kinders en onsself. Hoe het dit gebeur? Daar is verskeie probleme wat by die samevloeiing van ons tyd en ons kultuur inwerk.

**Baie mense het kinders, maar hulle wil nie ouers wees nie. Ons kultuur het hulle oorreed dat hulle die dors na persoonlike vervulling moet les en dat kinders ’n las vir ’n selfgesentreerde kultuur is. Die gevolg is dat ouers die minimum tyd aan hul kinders spandeer.**

Vandag se ouers is deel van die generasie wat gesag verwerp het. Die rasse- en teenoorlog-protesoptredes van die vorige eeu het mense se gedagtes kragdadig beïnvloed. Die protesbewegings het met díe wat in beheer was, op loop gegaan en só die wyse waarop daar oor gesag en die regte van die individu gedink is, verander. Gevolglik is dit binne ons kultuur nie meer aanvaarbaar dat Pa die “baas” van die huis is nie. Ma is ook nie meer onderdanig aan Pa (as hoof van die huis) nie. Tot groot mate leef Pa ook nie meer met die nodige ontsag vir die baas of die moontlikheid van afdanking nie. In die verlede het base gesag gebruik om dinge gedoen te kry; vandag word aansporingsbonusse gebruik.

Die punt is: Kinders wat in hierdie omstandighede grootgemaak word, sit nie meer in netjiese rye by die skool nie. Hulle vra nie toestemming om iets te sê nie. Hulle het geen vrees vir die gevolge, sou hulle teëpraat, nie. Hulle aanvaar nie die rol van onderdanigheid nie.

Hoe word ouerskap hierdeur beïnvloed? Die ouerskapsmaniere van die verlede werk nie meer nie. Die gesaghebbende metodes is oneffektief en ons het nie nuwe metodes om die werk gedoen te kry nie. Die kerk het die ou “luister-kind-of-ek-doen-jou-iets-aan”-metodiek van kindgrootmaak gevolg. Dit het geblyk effektief te wees, want kinders lyk op die oog af gehoorsaam – hulle is “van buite af” onderdanig. Hierdie metode is egter nie meer effektief nie, want ons kultuur reageer nie meer op gesag (soos ’n generasie gelede) nie.

Vandag se ouers is gefrustreerd en verward. Kinders tree nie op soos hulle behoort op te tree nie en ouers weet nie waarom dit so is nie. Baie het tot die gevolgtrekking gekom dat dit ’n onmoontlike taak is. Gevolglik is ons besig om ons kinders te verloor. Ouers met kleuters leef in vrees vir tienerskap. Ouers mét tieners herinner hul kinders weer voortdurend dat húlle dag sal kom.

Die vraag op ouers se lippe is: Wat kan ons doen? Die enigste betroubare gids is die Bybel. Dit is openbaring van God af, wie se alwyse kennis oneindig is. Daarom kan ons met gerustheid weet dat dit die absolute waarheid is. God het vir ons hierdie openbaring wat kragtig en volledig is, gegee. Dit gee ’n akkurate en volledige prentjie van kinders, ouers, familie, waardes, opleiding, versorging en dissipline – alles wat nodig is om vir die ouerskapstaak toegerus te wees.

Daar is geen bewys dat God se manier nie voldoende is nie; dit is net nog nooit tot op die letter gevolg nie. Die kerk weerspieël die probleme van die wêreld, want ons het al in die vorige generasie onbybelse ouerskapsmetodes toegepas. Dit wat toe gewerk het, is as aanvaarbaar geag.

Ongelukkig probeer ons steeds dieselfde strategie volg, terwyl hierdie metodes, weens die verandering in ons kultuur, oneffektief geraak het.

**Die Bybel leer ons dat ouerskap veelvlakkig is. Dit behels 'n welwillende (goedgesinde) gesag, wat kinders lei om hulleself binne God se wêreld te verstaan. Hier val die klem op die Evangelie sodat kinders die blye boodskap kan internaliseer (in hul harte hul eie maak) om uiteindelik in 'n onderlinge verhouding (saam met hul ouers), as kinders van God te leef.**

## Herderskap

Ouers se taak by kinderopvoeding vra herderskap. Ouers is kinders se gidse. Die proses van herderskap help kinders om hulself en die wêreld waarin hulle leef, te verstaan. Ouers moet hul kinders lei om hulleself en hul optrede te assesseer. Ouers moet kinders tot die besef lei dat hulle déúr God en vír God geskape is. Ons kan dit nie doen deur net instruksies te gee nie. Ons moet hulle op hul paaie lei, sodat hulle hierdie waarheid kan ontdek en hul eie kan maak. Ons moet ons kinders se denke in die regte rigting stuur, sodat hulle onderskeiding en wysheid kan leer.

Herderskap is meer as om bloot vir kinders te sê wat hulle moet dink en wat hulle moet doen. Dit behels dat ouers tyd met hul kinders bestee; dat hulle oop en eerlike kommunikasie voer – kommunikasie wat onderrig oor dít wat werklik in die lewe belangrik is. Dit is rigtinggewende herderskap waar ouers hulleself openbaar en "deel". Waardes, veral geestelike waardes, word nie net geleer nie, maar vasgelê. Spreuke 13:20 sê:

*Gaan met die wyse om, dan word jy wys.*

Dit is ouers se plig om nie net te praat nie, maar om te wýs hoe 'n lewenskragtige lewe en integriteit teenoor God en gesin lyk. Ouerskap is die herderskap vir kinders se harte sodat hulle volgens die weë van God se wysheid sal wandel.

## Die Evangelie staan sentraal

Mense wonder soms of hul kinders gelowiges sal wees? Ons moet onthou dat die Evangelie kragtig en aantreklik is. Dit bevredig die behoeftes van die gevalle mens. Daarom verwag ons dat die krag van God se Woord vir ons kinders tot redding sal wees. Dit is gesetel in die krag van die Evangelie en die ontvanklikheid van kinderharte en nie in die een of ander towerformule om gelowige kinders op te lewer nie.

Die fokuspunt van ouerskap is die Evangelie. Ouers moet nie net kinders se optrede rig nie, maar ook die ingesteldheid van hul harte. Hulle moet nie net gewys word op wát die sonde is nie, maar ook wáárom dit verkeerd is. Dit is krities belangrik dat kinders nie net die uiterlike "wat dit is" van sonde verstaan nie, maar ook die innerlike "waarom ek dit doen" ken. Ouers moet kinders help deur hulle te wys dat God van die innerlike na die uiterlike werk. Daarom kan ouers se einddoel nie maar net goedgemanierde kinders wees nie. Kinders moet verstaan waarom hulle sonde doen en hoe om innerlike verandering te herken. Om Evangeliegesentreerd te wees, is meer as om kinders net te leer wat bekering, geloof in Jesus Christus en sondevergifnis is. In die Evangelie is daar die belofte van innerlike verandering (hartsverandering) en bemagtiging.

Uiteindelik moet kinders die boodskap van die Evangelie hul eie maak. Elke kind in 'n gelowige huis gaan op die een of ander stadium die Evangelie ondersoek en besluit of hy of sy die waarheid gaan aangryp of nie. Ouers het die wonderlike geleentheid om herders van hul kinders se harte te wees deur te wys dat God se Woord die enigste weg is. ☺

1. Ek gee met hierdie bespreking graag erkenning aan Tedd Tripp se boek *Shepherding a Child's Heart*.
2. Leraar van die AP Kerk Hoedspruit.

**EDENPARK KAMPEEROORD**

Edenpark Kampeeroord is in die hartjie van die Waterbergdistrik geleë, 14 km buite Naboomspruit. Ons bied 31 luukse kampeerstaanplekke, elk met privaat ablusie- en opwasgeriewe. Kom beleef die rustigheid van die Bosveld.

**www.edenpark.com**
**082 455 9320 | edenparkoord@gmail.com**

**Gariepdam**

Bekostigbare oornagverblyf, goed geleë in die middel van SA, tussen Gauteng, Kaap, Natal en Oos-Kaap. Verskeidenheid opsies beskikbaar, vanaf enkelpersone tot groot gesinne, asook groepe. Veilige parkering in 'n rustige omgewing.

**Kontak Debbie: 082 326 5714**



# Huisgodsdiens as oefening vir die erediens

**Ds. Ryno van As**[1]

**Wanneer ons aan die gesin dink, weet ons dat hierdie lewensverband nie iets is wat die mens uitgedink het nie, maar dat die oorsprong daarvan by die Here lê: *Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas ... En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens ... Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een wees* (Gén. 2:18, 22, 24).**

## God seën verbondsgehoorsame aanbidding

'n Gesin, meer nog, 'n verbondsgesin, word reeds gevorm wanneer een man en een vrou in die huwelik met mekaar bevestig is. God het verder die eerste mensepaar geseën en hulle beveel om vrugbaar te wees, te vermeerder, die aarde te vul, dit te onderwerp en daaroor te heers (vgl. Gén. 1:28). Vanuit hierdie huwelikseenheid skenk God, uit genade, ook kinders.

Ons weet dat die Here verbondsmatig werk. Hy werk nie net met individue nie, maar met gesinne, families, geslagte en volke. Daarom dig Dawid die volgende in Psalm 103:17-18:

> *Maar die goedertierenheid van die HERE is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en aan sy bevel dink om dié te doen.*

Hiermee gesê, word die erns en basis van huisgodsdiens vir ons in ander artikels verwoord. Daarom handel dit in hierdie artikel nie in die besonder daaroor nie, maar nogtans moet ons die bevel van die Here onthou en daaraan gehoorsaam wees:

> *Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel, en bind dit as teken op julle hand en laat dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë wees, en leer dit aan julle kinders deur daaroor te spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan ...* (Deut. 11:18-19).

## Huisgodsdiens as fondasie vir die erediens

Vervolgens leer die Bybel dat elke verbondsgesin nie op sy eie staan nie, maar aan ander verbondsgesinne verbind is. Hierdie verbintenis sien ons spesifiek raak wanneer ons na die plaaslike gemeente kyk. Op die Dag van die Here kom ons as verbondsgesinne saam om die heilige God tydens die erediens te aanbid. Hoe kan ons tydens huisgodsdiens onsself vir die erediens inoefen?

## Gereelde huisgodsdiens

Eerstens moet ons huisgodsdiens gereeld beoefen. Dit is beter om gereeld, eerder as af en toe, saam as gesin die Here te aanbid. Hierdie gereelde gesamentlike aanbidding sal daartoe lei dat dit deel van ons hele bestaan word. Daar moet nie onnodig na redes gesoek word om nie huisgodsdiens te doen nie. Die feit dat die gesin gereeld saam aanbid, sal die vrugbare grond wees waaruit die begeerte om gereeld eredienste by te woon, groei. Hierdie goeie gebruik sal die soeke na verskonings om nie eredienste by te woon nie, moontlik al hoe minder maak.

## Ordelikheid en gewydheid

Verder kan daar gelet word op ordelikheid wanneer daar boekegevat word. Boetie moet geleer word dat hy nie moet wriemel wanneer daar uit die Bybel gelees word nie. Dieselfde geld vir Sussie wanneer daar oor die spesifieke gedeelte gesels word, dat sy nie onderling met ander gesinslede moet gesels nie. Daar moet veral aan die gesinslede verduidelik word dat ons Here 'n God van orde is (vgl. 1 Kor. 14:40) en daarom moet huisgodsdiens met vreugde, eerbied en rustigheid deurweef wees. Op hierdie manier bly almal in oefening wanneer dit by die erediens kom. Wanneer hierdie gewydheid deel van ons

aanbiddingstyd is, sal dit as't ware van nature na ons samekoms in die erediens oorspoel.

## Gebed

Nog 'n aspek wat in besonders deel van ons persoonlike stiltetyd, huisgodsdiens én die erediens uitmaak, is gebed. In die Heidelbergse Kategismus (So. 45 v/a 116) word die volgende oor gebed gesê: "Waarom is die gebed vir Christene nodig? Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is, wat God van ons vorder, en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee, wat Hom met hartlike sugte, sonder ophou, daarom bid en daarvoor dank."

Wanneer die gesin saam bid, kan die bestanddele van 'n gebalanseerde gebed nadergetrek word: lofprysing, danksegging, skuldbelydenis en voorbidding. Tydens lofprysing roep die gesin die Here saam aan. Wanneer ons tot Hom bid, erken ons dat Hy die heilige God van hemel en aarde is. Verder loof en prys die gesin God vir sy genade, barmhartigheid en liefde. Die dankseggingsgedeelte van gebed bestaan, voor die hand liggend, uit dank wat ons tot die Here rig. Ons dank Hom vir die verlossing van sonde, die vergifnis van sonde, die nuwe lewe wat ons ontvang het, dat ons kinders van Hom mag wees en vir sy voorsienigheid. Hierop kan skuldbelydenis van ons persoonlike sondes en dié van die gesin, gedoen word.

Laastens dra ons ander mense in gebed aan ons almagtige hemelse Vader op. Ons dink dan spesifiek aan dié wat siek, arm, eensaam, hartseer, bang en bekommerd is.

Genoemde elemente sal veral in die gebed van die prediker tydens die erediens voorkom. Op hierdie manier word die gesin geleer uit watter dele gebed bestaan en neem die gesin intens aan die gebed deel.

## Woordbediening

Tydens gebed verwys ons veral terug na dít waarvan ons nou net uit die Woord gelees en waaroor ons gesels het. Wanneer die voorganger (meestal die pa) die teksgedeelte behandel, moet hy dit aan die gesin verduidelik. Hierdie verduideliking moet eenvoudig wees. Voorts sal dit goed wees as almal teenwoordig, maar veral die kinders, vrae aan die pa rig. Op hierdie manier word gesprek onderling gekweek.

Gedurende onderrig moet die Skrifgedeelte op die gesin van toepassing gemaak word. Die beginsels wat in daardie gedeelte voorkom, moet uitgelig en beskryf word. Gebruik daaglikse voorbeelde, waar dit wel van toepassing is. Trek kleurvolle voorbeelde in die leerproses nader, sodat die beginsels treffend is. Daarmee saam moet die Woordverkondiging suiwer wees. Dit mag nie ter wille van eenvoud afgeskeep word nie. Nog 'n gedagte wat ons hier kan byvoeg, is dat die voorganger op twee of drie sake in 'n gelese gedeelte kan fokus. Byvoorbeeld: In Johannes 14:6 sê die Here Jesus dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is en dat niemand na die Vader kom behalwe deur Hom nie. Let dan op die woorde "weg", "waarheid" en "lewe". Vra die gesin wat die Here daarmee bedoel en gesels dan oor daardie aspekte.

**Hierdie werkwyse tydens huisgodsdiens berei ons voor om die volgende vrae te vra wanneer ons na die prediking luister: Bestaan die predikant se preek uit twee of drie hoofpunte? Hoe maak hy die Bybelse beginsels op ons lewens van toepassing? Watter beelde gebruik hy om dit vir ons te omskryf? Wanneer gesinslede hierdie benadering gebruik, kan hulle hul aandagspan verleng en in die Woordverkondiging indelf.**

## Sang

Laastens kan die gesin, voor of ná boekevat, saam sing. Dit moet Skrifgebonde liedere wees wat nie dwaalleer verkondig nie. Dit sal goed wees om bekende gesange en psalms te sing. Soos die tyd verloop, kan onbekende liedere ingeoefen en by die lys van bekendes gevoeg word. Op hierdie wyse raak die liedere onder die gesin bekend en geliefd.

Wanneer ons tydens huisgodsdiens sing, moet dit uit volle bors wees: Gee eer aan die Here! So word sang gedurende die erediens vir ons tweede natuur. Daar, saam as die gemeenskap van heiliges, sing ons hartlik saam tot eer van ons Here. Wanneer ons 'n loflied sing, ons skuld en geloof bely of wanneer ons deur middel van 'n lied tot die Here bid, sal ons nie anders kan as om die Naam van die Here uit te jubel nie!

## Tot seën vir die volk van God ...

Mag ons groei in ons gesamentlike aanbidding. Mag die samesang, Bybel lees, bestudering van God se Woord en die gebede wat ons saam tot die Here rig, werklik goeie oefening vir elke erediens wees. Mag Josua se belydenis werklik ons eie belydenis in hart, mond en daad wees: ... *maar ek en my huis, ons sal die Here dien* (Jos. 24:15).

1. Leraar van die AP Kerk Petrus Steyn.



# Begin by huisgodsdiens

**Ds. Henning Dafel[1]**

**Daar is 'n goeie kans dat jy graag wil sien dat die gemeente waarvan jy 'n lidmaat is, moet floreer. Almal is bekommerd oor tieners wat belydenis van geloof aflê en dan uit die kerk verdwyn. Almal is bekommerd oor die meerderheid gryskoppe in die kerk. Tog doen min van ons iets daaraan, want dit is mos die kerkraad of die predikant se werk.**

Dalk is hierdie stelling onbillik, veral as jy een van die lidmate is wat jou vingers stomp werk om jul gemeente aan die gang te hou. Jaar in en jaar uit bly die kerk egter min of meer soos sy was: 'n klompie lidmate verlaat die kerk en 'n klompie kom by; bejaardes sterf en babas word gedoop. Soms is daar groter terugslae, wat drastiese ingryping (soms net van jou) vra.

Alhoewel dinge dalk stabiel voorkom, ervaar jy dat die gemeente oor die afgelope tien tot twintig jaar stagneer en selfs agteruitgegaan het – daar is baie mooi goed wat verlore geraak het. Ons kan die kultuur, die ekonomie, besige skedules, veiligheid, ensovoorts, die skuld gee, maar omdat die meeste kerke dieselfde tendens toon, aanvaar ons dat dit maar net is hoe dinge is ...

Daarom moet ons die vraag eerder só stel: Is ons besig om op ons eie manier te werk, terwyl ons God se resultate verwag? Ons wil 'n dinamiese gemeenskap van gelowiges wees, maar ons wil dit op ons eie terme doen. Óns sal doen, werk, gee soos wat óns glo die beste is – solank God net hierby inval en dit seën. Is dit nie presies waarteen Paulus in 1 Korinthiërs 2:5 waarsku as hy verduidelik dat ons *geloof nie in wysheid van mense* [moet] *bestaan nie, maar in die krag van God.*

## Wat is ons begeerte vir Christus se kerk?

Hoe lyk 'n kerk wat floreer: Het sy meer as 600 lidmate? Het sy 'n jaarlikse sewe-syfer-begroting? Is die hipermoderne kerkgebou Sondae tot barstens toe vol? Is haar netto basaaromset R500 000 sterk? Baie sal die angel in die vrae sien en tereg uitwys dat hierdie goed nie die belangrikste is nie, maar dat ons dit tog nodig het. Wanneer ons só antwoord, sal ons baie versigtig moet wees, want ons vergaderingnotules getuig teen ons. Indien begrotings, geboue, feeste, funksies, telefoonlyne en jaarprogramme nie die belangrikste is nie, moet ons vra waarom ons vergaderingnotules dan meestal daarop fokus?

Is ons besig om dié dinge af te skeep wat 'n beduidende verskil sal maak in die geestelike welsyn van die gemeente? Daarmee word glad nie geïmpliseer dat ons slegte rentmeesters moet wees nie. Op grond van die Skrif kom die pleidooi om net so hard en selfs harder aan die primêre prioriteite, as aan die sekondêre prioriteite van die kerk te werk.

**Primêre prioriteite is die doelstellings wat in die Woord aan die kerk gegee word, byvoorbeeld: evangelieverkondiging, tug, geloofsbegeleiding, sendingwerk, voorbidding, beoefening van die gemeenskap van die heiliges en barmhartigheid – dié dinge wat in die hemel steeds sal saakmaak.**

**Sekondêre prioriteite is onder meer: kerkordelikheid, fondsinsamelings en finansies, onderhoud op die geboue en die terrein, funksies – dié dinge wat nie in die hemel sal saakmaak nie.**

In 1 Thessalonisence 1:2-3 sien ons hoe Paulus vir die gemeente bid en dit is opvallend hoe dramaties anders sy agenda vir die kerk lyk. Hy tree vir die gemeente by God in en vra dat die arbeid van hul geloof, die lydsaamheid van hul hoop en opoffering van hul liefde sal toeneem. Om Paulus se voorbeeld prakties te implementeer, moet lidmate en kerkraadslede veel eerder oor louheid in gebed voor die Here worstel, as oor dinge wat nie in die hemel gaan saakmaak nie.

## Wat kan ek doen?

### *Gebed*

Ons moet ernstig begin bid (nie die tipiese rympie aframmel, om net my gewete te sus nie). Die Skrif vermaan dat ons nie het nie, omdat ons nie bid nie (vgl. Jak. 4:1-3; lees dit biddend). 'n Bekende hallelujalied vermaan ons ook:

> **"Hoe verbeur ons tog die vrede,**
> **ag, hoe dikwels ly ons smart,**
> **net omdat ons nie ons node**
> **uitstort in Gods Vaderhart!"**

### *Huisgodsdiens*

Die tweede saak waaraan aandag gegee moet word, is die bevordering van gesonde huisgodsdiens. In sy boek oor huisgodsdiens skryf dr. Beeke[2] dat een van die grootste struikelblokke in die geestelike vooruitgang van die kerk, 'n gebrek aan huisgodsdiens is. Vir die meeste gelowiges is dit 'n mooi, maar opsionele voorbeeld uit 'n vorige generasie wat, indien dit wel gedoen word, dikwels baie oppervlakkig is.

Die probleem is nie net dat huisgodsdiens afgeskeep word nie, maar dat dit ter wille van iets anders afgeskeep word. Daardie tydgleuf bly nie leeg nie; iets anders soos televisiekyk, huiswerk of sommer net 'n besige (oorvol) program, neem die plek daarvan in. So moet God dikwels plek maak vir sukses, geld, gemak, vermaak, sport of ontspanning. So asof ons verwag dat die Here begrip moet hê wanneer ons afgode groter prioriteit as Hyself geniet ... Dr. Beeke maak die opmerking: "Waar die huis gaan, daar gaan ook die kerk, en die volk." En so volg die vraag: Wil ons 'n herlewing onder ons jongmense en in die gemeente oor die algemeen sien, of nie? Indien wel, is huisgodsdiens die beste plek om te begin. In die verlede was die herstel daarvan dikwels die bron van herlewing in die kerk.

### *Praktiese riglyne*

Ons sê gereeld vir mekaar dat die aanslae op ons jeug fel is. Tog is ouers en grootouers, maar veral ons as vaders, dikwels daaraan skuldig dat ons te midde van die stryd, die wapen neerlê. Daarom hierdie paar stukkies praktiese raad:

- Begin, al voel dit aanvanklik ongemaklik en vreemd. Moenie dat jou ongemak jou en jou gesin van die Here vervreem nie. Mettertyd sal jy meer vertroud raak met die taak en die mense om jou sal jou vir jou voorbeeld eer.

- Wat gebedstyd betref, moet daar gewaak word om gebede soos rympies af te rammel (deur jouself of gesinslede). Gebruik 'n notaboek of kaartjies waarop jy aantekeninge kan maak oor die dinge waarvoor julle moet bid – dit help baie. Kry vir jou 'n stil plek en ruim genoeg tyd in. Staan dalk 'n halfuur vroeër op. Wees ook versigtig om net vir die materiële dinge te bid. Behou telkens die perspektief dat God steeds sy koninkryk uitbrei, ten spyte van iemand se nood of siekte. Vra dus die groot en barmhartige Versorger en Onderhouer om nie net in die tydelike behoeftes te voorsien nie, maar veral in die geestelike behoeftes – met die oog op die ewigheid.

- Wat huisgodsdiens betref, help dit as 'n mens die gesin weer terugbring tafel toe. Dit is belangrik om Skrifgedeeltes te hanteer wat vir kinders verstaanbaar is, veral as hulle nog klein is. Waak egter daarteen om kinders van die Bybel te vervreem – hulle moet in die Woord geanker wees. Moet ook nie te veel rond en bont lees nie; werk sistematies aan die hand van 'n tema of deur 'n boek. Om stadig deur 'n tema of 'n boek te werk, help dat die groot gedagtes en die goue draad van die Bybel vasgelê word. Dit is so dat baie ouers nie toegerus is met die nodige kennis om moeilike hoofstukke en vrae te hanteer nie. Moenie dat dit 'n struikelblok wees nie. 'n Goeie Bybelstudiehandleiding of dagstukkieboek kan van groot hulp wees. *Die Woord in die hart*-reeks is juis met die oog daarop geskryf en kan met groot vrug gebruik word. Laastens is dit belangrik om bespreking en vrae aan te moedig – om daarmee die waarheid op die papier, in die hart te kry. Vra self vrae en wanneer jy nie die antwoord op ander se vrae ken nie, neem die vrymoedigheid om dit te erken – en kry dan die antwoord. Daar is baie goeie hulpbronne beskikbaar en jou predikant kan ook daarmee help.

Mag ons God se seën en God se resultate volgens sý werkswyse najaag en mag ons dan die goeie gevolge daarvan beleef. Hoor die aanmoediging om die Bybel aan die hand van toegewyde huisgodsdiens te bestudeer:

> **"Lees wat daar geskrywe staan,**
> **glo wat daar geskrywe staan,**
> **doen wat daar geskrywe staan,**
> **en jy sal ontvang soos wat daar geskrywe staan."** ☺

1. Leraar van die AP Kerk Potgietersrus.
2. Joel R. Beeke, *Family Worship*, 2nd edition (Reformation Heritage Books, 2021).

# Praktiese wenke: Huisgodsdiens vir kleuters

**Danie en Maritsa Pretorius**[1]



**Ek het my hande vol in die kerk! Alles val mos op die kerkbank en wanneer ons kleuter iets op die hart het, klink dit of hy dit oor die luidspreker aankondig. "Sit stil!" en "luister nou!" het nog nie impak nie. Ek hou moed, want dit raak tog elke Sondag 'n bietjie makliker. Wat sy sosiale en fisieke ontwikkeling betref, gaan die wêreld nou voor hom oop. Baba- en peutertyd is verby.**

## Wanneer raak ons gesin stil voor die Woord?

Deuteronómium 6:5-7 herinner ons hoe ons God moet liefhê met ons hele hart, hele siel en al ons krag. En hierdie opdrag moet ons ons kinders *inskerp en daaroor spreek as* [ons] *in* [ons] *huis sit en as* [ons] *op pad is en as* [ons] *gaan lê en as* [ons] *opstaan.*

Om met 'n geopende Bybel as gesin byeen te wees, is tog dít waarna ons streef. Oogkontak is waaraan kinders 'n behoefte het; só sosialiseer ons immers graag. Is my kleuter nie te jonk om oor dinge te gesels nie? Hy verstaan dan nog nie alles nie? Hy verstaan meer as wat ons dink! Jou kleuter kan nou reeds die Bybel tussen ander boeke uitken en ja, hy wil natuurlik saam blaai en elke boekmerkie uithaal en insit waar hy dink dit hoort, maar dit is hier waar die "goeie gewoonte" aangekweek word. Hierdie aanvang van huisgodsdiens kry dalk nog nie sy plek waar dit hoort, om die etenstafel (of elders), nie. 'n Etenstafel is mos maar bemors ná ete en skoonmaak neem tyd in beslag, wat almal weer in verskillende rigtings kan laat spat. In ons geval is huisgodsdiens net voor bedtyd, die beste.

## Wat kan ek vir my kleuter lees wat hy sal verstaan?

Ons wonder gewoonlik watter Bybelverhaal gelees kan word en wil dan tred hou met ons vordering. Die *Bybel-inkleurboek Deel III*[2] van Ryna Enslin begin by "Die Skepping" en eindig met "'n Koningskind". By elke verhaal word 'n teksvers aangedui, wat help met die Skrifgedeelte waaruit gelees word.

'n Heeltemal ander manier om temas tydens huisgodsdiens aan te pak, kan met die Bybelse alfabet gedoen word. 'n Woord word aan elke letter van die alfabet gekoppel en 'n bypassende gedagte of teksvers word aan die letter gekoppel om die Bybelvers te help onthou, byvoorbeeld:

**A** **Adam**
Gén. 1:27: *En God het die mens* [Adam] *geskape na sy beeld ...*

**B** **Bybel**
Ps. 119:105: *U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.*

**C** **Christus**
Mt. 16:16: *U is die Christus, die Seun van die lewende God.*

**D** **Deur**
Openb. 3:20: *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.*

**E** **Engel**
Ps. 34:8: *Die Engel van die* HERE *trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.*

**F** **Fontein**
Jak. 3:12: *... geen fontein* [kan] *brak en vars water voortbring nie.*

**G** **Gebooie**
Ps. 119:98: *U gebooie maak my wyser as my vyande ...* Ook: leer die Tien Gebooie.

**H** **Herder**
Joh. 10:11: *Ek is die goeie herder.*

**I** **Israel**
Ps. 121:4: *Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.*

**J** **Jakob**
Gén. 47:7: *Toe bring Josef sy vader Jakob in ...*

**K** **Koningskind**
Jes. 43:1: ... *Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!*

**L** **Leeus**
Dan. 6:23: *My God ... het die bek van die leeus toegesluit ...*

**M** **Maria**
Mt. 1:16: ... *Maria uit wie gebore is Jesus ...*

**N** **Noag**
Gén. 7:5: ... *Noag het gedoen net soos die* HERE *hom beveel het.*

**O** **Onse Vader**
Mt. 6:9-13; leer die gebed.

**P** **Plae**
Ex. 7:14-11:10; leer die tien plae.

**Q** **Gordel**
Efés. 6:14: ... *lendene met die waarheid omgord ...*

**R** **Rut**
Rut 1:16: ... *waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God.*

**S** **Skeppingsdae**
Gén. 1:1-31; leer die dae.

**T** **Tong**
Jak. 3:8: ... *die tong ... is ... vol dodelike gif.*

**U** **Ur**
Gén. 15:7: *Ek is die* HERE *wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs ...*

**V** **Verwyder**
Ps. 103:12: *So ver soos die ooste verwyderd is van die weste ... verwyder Hy ons oortredinge van ons.*

**W** **Weg**
Joh. 14:6: *Ek* [Jesus] *is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*

**X** **Verkeerde kruis**
1 Petr. 5:8: ... *die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.*

**Y** **Yster**
Spr. 27:17: *Yster slyp yster, so slyp die een mens ... die ander.*

**Z** **Oméga**
Openb. 22:13: *Ek is die Alfa en die Oméga, ... begin en ... einde ... eerste en ... laaste.*

### Die verloop van ons huisgodsdiens

Hoe kan ons ons kleuters op die beste moontlike manier betrek? Om te begin kan daar aangekondig word dat daar nou huisgodsdiens (of Bybel lees) gedoen gaan word. So hoor die kinders waarmee ons besig is en raak so aan die roetine gewoond.

Dan, met ons kleuter op my skoot of in my arms, word die fisieke behoefte aan bymekaar wees bevredig, selfs geborgenheid by Mamma en Pappa. Dit perk ook 'n bietjie beweging in. Nou gaan ons 'n lied saam sing. Ons kleuter hou baie van "Daar's vissies in die water" en wys alte graag saam! Die "Kindwees-afdeling" in *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* bevat kinderliedere wat gerus gebruik kan word. Nou het ons 'n redelike aandagspan: Die sintuie word optimaal benut nadat gevoel (aanraking en bewegings), gehoor (sang) en sig (sien mekaar) gebruik is. Pappa vertel nou waar hy in die Bybel gaan lees en verwys na die Ou of Nuwe Testament.

Wanneer ons kleuter die aand woelig is, kan kort sinnetjies uit die Skrifgedeelte help. Dit is egter beter om 'n gedeelte of die hele verhaal te lees. Deur vragies tussendeur te vra, help om ons kleuter se aandag te boei sodat hy nie so maklik en vinnig afdwaal nie.

Selfs om in te kleur (*Bybelinkleurboek*) terwyl Pappa lees, kan ook werk. Die belangrikste is dat die oortjies luister wat vertel word. Indien dit kan, leer sommer die teksvers ook. Breek die vers in dele op en vra jou kleuter om dit agterna te sê.

Nou is dit bidtyd en ons kniel saam voor ons bed. Ons hou gewoonlik mekaar se hande vas (ook om ons kleuter se bewegings te probeer beheer). Elkeen kan 'n beurt kry, anders kan Pappa of Mamma bid. Met 'n lekker stywe drukkie word die huisgodsdiens afgesluit en slaaptyd begroet. (Nou is niemand meer bang vir die donker nie, want God plaas 'n engeleskaar rondom die huis om ons te beskerm; vgl. Ps. 91:11.)

Natuurlik kan daar 'n variasie van aktiwiteite plaasvind. Die belangrikste is egter dat ons uit die Bybel voorlees en in gebed met die Here Jesus gesels. As daar tussendeur 'n geselsie begin oor wat die maatjie vandag by die kleuterskool gedoen het, kan dit ook deel uitmaak van wat die Here Jesus sou wou hê ons moet sê of doen. Soek riglyne hiervoor in die Woord of in 'n Bybelverhaal. Mag hierdie kosbare paar minute elke dag ons verhouding met mekaar en met God versterk! 😊

---

1. Lidmate van die AP Kerk Pretoria-Oos.
2. https://www.liginduisternis.co.za/product/bybelinkleurboek/

# Wat is hierop u hoorbare antwoord?



**Janlo en Surene Möller**[1]

**Hierdie woorde laat koue rillings langs ons ruggrate afhardloop wanneer ons dit in die kerk hoor. Wat behels dit om ons kinders "... in dié leer na die beste van u vermoë self te onderrig en te laat onderrig?"[2] Hoe sal ons weet of ons die gelofte nakom en nóg erger: Wat sal die uiteindelike toets wees of ons geslaag het of nie?**

As ouers met laerskoolkinders het ons 'n ver pad om te gaan voor ons eerste mondige kind by die huis uitstap, maar ons het darem ook al 'n ver pad met die opvoeding van ons kinders gekom tot op hierdie ouderdom. Ons is gewone mense met baie tekortkominge, maar ons gesin het 'n opregte liefde vir huisgodsdiens. Hier volg 'n paar praktiese wenke wat vir ons werk.

## Piepie, tandeborsel, in die bed

Huisgodsdiens móét 'n vaste tydgleuf in 'n gesin se daaglikse skedule inneem – elke aand van die week, elke week van die jaar. Gereelde herhaling is die enigste manier om die gewoonte suksesvol en volhoubaar te vestig. Gesonde gewoontes word op dieselfde manier aangeleer as ongesonde gewoontes – deur oefening. Roetine is die sleutel tot sukses.

Vir ons is huisgodsdiens deel van ons bed-toe-gaan-roetine. Net soos ons kinders eers by die badkamer moet draai voor hulle bed toe gaan, so moet ons eers Bybel lees voordat ons badkamer toe gaan. Ons eet nie so gereeld by die etenstafel soos ons moet nie; ons sukkel ook soos ander ouers om klavier-, swem-, fietsrylesse, leesklasse, huiswerk, praatjies, take, 3D-modelle vir môre se wiskundeklas met sosatiestokkies of iets soortgelyk wat ons nie in die huis het nie en ander dergelike dinge, te balanseer. Máár, huisgodsdiens se tydgleuf is vas. As jy nog nie klavier geoefen het teen die tyd wat ons Bybel lees nie, sál jy môre 'n dubbele oefensessie inhaal.

Vrydae en Saterdae is uiteraard moeiliker aande om gehoor aan die "elke aand"-filosofie te gee, maar met gereelde oefening raak dit makliker. Ons vat ons huisgodsdiens-Bybel saam bos toe, saam see toe, saam vir 'n naweek by skolesport, saam met vriende en familie om die kampvuur. Wanneer die situasie dit toelaat, onderbreek ons graag 'n braai rondom eettyd om huisgodsdiens te doen en die kuiergaste daarby te betrek. Dit gebeur vinnig en spontaan sodat niemand 'n kans het om weg te glip nie.

> Die drie bene waarop ons huisgodsdiens staan, is: Skriflesing, samesang en gebed.

## Wapen van keuse





Ons gebruik die *Bybel vir Almal* (*ABA*), wat oorspronklik uitgegee is as die *Bybel vir Dowes*. Die voorwoord beskryf die taalgebruik as "eenvoudige, verstaanbare Afrikaans, maar steeds Skrifgetrou en in keurige taal". Vir ons bied hierdie vertaling 'n goue middeweg vir laerskoolkinders betreffende die 1933/53-vertaling en 'n generiese Kinderbybel. Alhoewel die voorwoord melding maak van "keurige taal", moet ons waarsku dat sekere woorde grens aan kombuistaal, veral as dit kom by die gemeenskap tussen 'n man en 'n vrou. Ons let maar hierop en filtreer voorkomend sommige woorde wanneer ons voorlees.

Dit is ons tweede rondte om die *ABA* deur te werk en ons vind dat laerskoolkinders baie goed aanklank by hierdie vertaling vind. Alhoewel ons met die eerste rondte die meeste van die wette en die profete oorgeslaan het, het ons hierdie rondte besluit om die wetboeke volledig deur te werk (net soos 'n jong Joodse kind in elk geval moet doen). Maar vir dié wat vir die eerste keer met

hul laerskoolkinders met huisgodsdiens begin, stel ons voor om ná Génesis en Exodus, voort te gaan met Josua tot 2 Konings, dan Job, Daniël en Jona en dan oor te gaan na die volledige Nuwe Testament. Hierdie 559 hoofstukke behoort genoeg materiaal vir twee tot drie jaar se huisgodsdiens te wees.

Laerskoolkinders is ook nie skaam om die moeilike vrae reguit te vra nie. Openbaring was vir ons 'n opwindende, maar senutergende uitdaging en ons het die boek stadig deurgewerk. Vooruitselfstudie was nodig en die boek *Unlocking the Bible* van David Pawson, is baie handig hiervoor.




### Eendag gaan jy baie sing

Ons glo huisgodsdiens moet gepaardgaan met lofsang en die ouers moet leiding hiermee neem. Of ons al die note presies reg sing en of ons heeltemal vals is, het geen betrekking op die lof wat ons aan die Here bring nie.

Ons gebruik die goeie ou *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* wat deesdae deur projektors en skerms in ons kerkgeboue vervang word. Vir kerkgebruik is ons pro-skerm, maar ouers sal moet waak dat die gedrukte weergawe nie in ons huise verlore gaan nie. Huisgodsdiens bied die perfekte geleentheid om vir kinders onbekende psalms en gesange aan te leer (wat nie meer in skole gebeur nie).

Om hardop te sing, selfs voor jou huismense, is nie vir almal maklik nie. Ons sal egter vinnig daaraan gewoond moet raak vóór ons by die hemelse skares aansluit!

### Jy praat nie só met jou Pa nie

Babas en kleuters leer nogal op 'n baie soortgelyke wyse as troeteldiere – deur assosiasie. Goeie gedrag word beloon, swak gedrag word gestraf. Soos hulle ouer word, word kleuters en laerskoolkinders se gedrag minder gerig deur assosiasie en baie meer deur die voorbeelde wat ons aan hulle stel.

Wanneer ouers tydens huisgodsdiens bid, moet hulle besef hulle is besig om 'n patroon te vestig waarvolgens hulle kinders húl gebede voortaan gaan formuleer. Ons beleef dit eerstehands soos ons eie kinders deur die laerskool vorder – met verloop van tyd hoor jy jouself in jou kind se gebed.

Hulle sien hoe ons op ons knieë voor die Here staan en erkenning gee aan sý opperheerskappy en óns nietige afhanklikheid van Hom. Hulle hoor hoe ons met ons hemelse Vader praat, hoe ons sy Naam verheerlik, hoe ons dankie sê (en vra) vir alledaagse dinge, hoe ons voorbidding doen vir ander mense en hoe ons pleit om vergifnis vir ons eie sondes.

Hier lê miskien ons grootste verantwoordelikheid wat betref die opvoeding van ons kinders: Om deur ons voorbeeld, in gebed, vir hulle te leer wie Jesus Christus werklik vir ons is. Nie die baba in die krip nie, maar die verheerlikte Here Jesus wat "... opgestaan het uit die dode; opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader; vanwaar Hy sal kom om te [óórdeel] ..."[3]

### Gaan jy hemel toe, my kind?

Daar kom 'n stadium in 'n laerskoolkind se lewe waar die werking van die Heilige Gees in hul harte na vore begin tree. Dit word sigbaar in die vrae wat tydens Skriflesing gevra word, dit word hoorbaar in die wyse waarop hulle sing en ook in die struktuur en spontaneïteit van hul gebede.

Op hierdie stadium gaan daar weer koue rillings langs ouers se ruggrate af. As ons kinders oud genoeg is om die heilsleer te verstaan en te aanvaar, is ons kinders dan ook oud genoeg om die genade van God te verwerp? Is ons huisgodsdiens genoegsaam om hulle in die regte koers na hul ewige bestemming te stuur?

John MacArthur het gesê:

> **"Dit is nie die volmaaktheid van 'n mens se lewe nie, maar die rigting daarvan wat bewys lewer van wedergeboorte." Getuig u huisgodsdiens dat u werklik 'n poging aanwend om u kinders "... in dié leer na die beste van u vermoë self te onderrig en te laat onderrig?"**

"WAT IS HIEROP U HOORBARE ANTWOORD?"[4]

---

1. Lidmate van die AP Kerk Potgietersrus.
2. Vgl. "Doopbelofte" in *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, 32.
3. Vgl. "Die Apostoliese Geloofsbelydenis" in *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, 43.
4. Vgl. "Doopbelofte" in *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, 32.



# Agt wenke vir vrugbare huisgodsdiens met ouer kinders

**Pieter van Deventer**[1]

Vir my om oor huisgodsdiens te skryf, is ietwat soos 'n nuweling wat om die braaivleisvuur met die Recces oor verkenningswerk in Angola wil saampraat. My enigste ervaring van huisgodsdiens met ouer kinders, is die ervaring van die ander kant af: Ek was self eens 'n jonger mens en ek onthou nog op watter manier my kop gewerk het (en soms steeds werk).

Die wenke wat ek hier gee, kan ek nie met dosyne staaltjies ondersteun nie. Ek kan net, as iemand wat maar onlangs die volwasse lewe betree het, sê dat ek weet hoe jongmense se koppe en harte werk en hierdie agt wenke sal ouers op koers bring om goeie, vrugbare huisgodsdiens te beoefen – vir hulleself en hul gesin.

## 1 Moenie van die Here Jesus vergeet nie

Kinders (én ouers) is nooit te jonk of te oud vir die Here Jesus nie. Hy is en bly relevant vir elke preek, elke sarsie huisgodsdiens en elke keer wat die Bybel oopgemaak word. Hierdie is die grootste fout wat ouers ooit met huisgodsdiens kan maak: Om vas te haak by die "moets en moenies" en te vergeet om elke keer na die aangrypende Jesus van Násaret terug te keer.

> **Huisgodsdiens is nie in die eerste plek 'n kans vir ouers om hul kinders te leer om beter mense te wees nie. Huisgodsdiens gaan nie in die eerste plek oor óns nie. Huisgodsdiens gaan oor Christus. Maak seker jul kinders verstaan dit. Maak seker jul kinders beleef dit. As ouers die kruis op Gólgota uit die prentjie verloor, dan word huisgodsdiens die gymnasium waar klein Fariseërs oefen om te glo dat God hulle liefhet omdat hulle beter as ander mense is.**

## 2 Onthou – jul kinders moet grootword

Kinders moenie vir altyd kinders bly nie. Dit is nie die doel nie. Paulus sê:

> *Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê* (1 Kor. 13:11).

Kinders is oulik – daarmee kan niemand stry nie. Ek het 'n kleinboet van sewe en daar is niks so oulik soos wanneer hy vir my 'n storieboek bring, op my skoot sit en vra dat ek vir hom voorlees nie. Maar sal dit nog oulik wees as hy dit steeds doen wanneer hy 21 is? Die idee is belaglik, nie waar nie? Daar kom 'n tyd vir kinders om grootmense te wees en ons moet hulle daartoe aanhelp. Doen dit deur huisgodsdiens. Berei jul ouer kinders voor vir die uitdagings van die grootmenslewe. Daag hulle uit om soos grootmense te begin dink en soos grootmense op te tree.

## 3 Moenie vaskyk teen ouderdom nie

Die moderne wêreld se spesialiteit is kompartementering. Om dit eenvoudiger te sê: Vandag se mense sit alles en almal in boksies. Ons het twaalf grade, en drie R'e wat dit voorafgaan. Ons het vier asblikke vir al die soorte vullis. Daar is skynbaar niks wat die moderne mens nie in bokse kan opdeel nie.

Selfs ons kinders word in boksies gedruk: Laerskool, hoërskool, matriek, ensovoorts. Maar daar is iets wat ons moet besef: Hulle bly steeds mense. Dit wat ons deel, is nog altyd meer as dit wat ons verdeel. Dit wat ons in gemeen het, is meer as dit wat ons skei. Moenie vaskyk teen ouderdom nie. Gee vir jul kinders huisgodsdiens – of hulle nou in die laerskool, hoërskool of in watter skool is.

## 4 Fokus op die boodskap – nie net die feite nie

Jonger kinders wil baie keer net hóór. Ouer kinders wil verstáán. Dis niks nuuts nie: Ons almal was so toe ons kinders was. Daarom is dit belangrik om

met ouer kinders te begin gesels oor wat dit wat gelees is, betéken. Vir jonger kinders is dit soms genoeg om net te vra: "Wat het met Dawid gebeur?" of, "wat het Petrus hier gesê?" Maar vir ouer kinders moet gevra word: "Wat beteken dit?" of, "wat sê dit vir ons – vir jou?"

Om die Bybel te ken, is belangrik. Om die Bybel te verstaan, is belangriker.

## 5 Laat hulle julle uitdaag – en daag julle hulle uit

Ouer kinders het opinies: En dit is nie sleg nie. As hulle hul ouers altyd net glo, dan sal hulle eendag die proffie op universiteit ook net glo; die president van die land ook net glo; Oprah Winfrey ook net glo. Ons wil nie kinders grootmaak wat alles en almal net glo nie. Ons wil hulle grootmaak om te vra: "Waarom?"

> **Laat jul kinders toe om julle uit te daag en omgekeerd. Laat hulle toe om van julle gedurende huisgodsdiens te verskil (natuurlik binne perke) en soek saam met hulle die antwoorde in die Woord van God. Debattering is nie 'n slegte ding nie. "Yster slyp yster", soos die spreekwoord lui.**

## 6 Stel hoë verwagtings




"Ag, hulle is maar net tieners; wat kan jy van hulle verwag?" word vandag so gereeld gesê, soos 'n ou plaat wat vashaak. Een van die beste dinge wat my ouers my (in my tienerjare) laat doen het, was om Alex en Brett Harris se boek, *Do Hard Things*, deur te lees. Dit is 'n uitdagende boek, wat jong Christene konfronteer met die feit dat 'n radikale lewe vír Christus nie iets is wat jy ééndag sal leef nie, maar iets is wat jy nóú reeds moet leef.

Die lae verwagtings wat ons samelewing vir tieners stel, is heeltemal verkeerd. Ouers moet besef: Die hoërskoolkinders wat vanaand voor julle met huisgodsdiens sit, moet ook uitgedaag word om die Here Jesus bo alles en almal te vereer – net soos julle en net soos ek! Daar is geen draadsitters in Christus se koninkryk nie. Verwag van jul kinders om te luister wanneer julle Bybel lees. Verwag van hulle om verantwoordelik op te tree. Verwag van hulle om God bo alles lief te hê.

## 7 Moenie wegskram van ernstige onderwerpe nie

Die wêreld is 'n ernstige plek. Dis nie altyd net maanskyn en rosegeur nie. Dis nie 'n dertien-jaar-en-jonger-film nie. Dis baie eerder 'n film met 'n "verskuilde" bo-een-en-twintig-gradering. Daar is bloed, daar is egbreek, daar word gevloek en gelaster.

> **Ouers se werk is om hul kinders toe te rus om hierdie wêreld in te gaan en dissipels vir die Here te maak. Jul kinders moet 'n helder lig laat inskyn in hierdie wêreld in. En hulle kan dit net doen as hulle weet watter soort wêreld dit is.**

Ouer kinders wil gesels oor ernstige onderwerpe: Oor die wydverspreide verslawing aan pornografie; oor die praktyk van kindermolestering in hul skole; oor prostitusie op die straathoeke. Hulle wil en moet hoor van misdaad en korrupsie. Moenie wegskram van hierdie onderwerpe nie. Moenie kinders daarvan probeer beskerm nie. Wanneer hulle eendag uit die huis is – wie gaan hulle dan beskerm? Leer hulle eerder om gereed te wees sodat hulle self kan veg teen die boosheid van Satan en die wêreld.

## 8 Oorweeg dit om hulle 'n beurt te gee

Ouer kinders waardeer dit wanneer hulle soos grootmense begin behandel word. Hulle kan ook lees – hulle kan ook voorberei. Heel waarskynlik kan hulle leer uit 'n huisgodsdiens wat hulle self aanbied. So, oorweeg dit om hulle ook 'n beurt te gee.

Hulle hoef nie elke keer voor te gaan nie. Ouers kan steeds meestal leiding neem. Maar as jul kinders kans sien daarvoor, lê hierdie uitdaging voor hulle. Vra hulle om 'n slag die leisels oor te vat en júlle in huisgodsdiens te lei.

## 'n Laaste opmerking

Ouers voel dalk nou oorweldig: Asof hulle nooit al hierdie wenke sal onthou nie; asof hulle nooit huisgodsdiens goed genoeg sal kan aanbied nie. Maar hier is die hart van die saak: Gebroke huisgodsdiens is beter as geen huisgodsdiens nie. Dis beter om te kruip as om te bly sit. Begin net. Julle kinders is nou in jul huis. Hulle gaan eendag nie meer daar wees nie. Gebruik die tyd wat julle het om vir hulle te leer van ons wonderlike God en Verlosser, Jesus Christus. ☺

---

1. Lidmaat van die AP Kerk Cullinan-Rayton en vyfdejaarstudent (teologie) aan die APA.



# Huisgodsdiens: Gesinstyd met God

**Louise Viljoen**[1]

**God het in sy almag en wysheid 'n gesinstruktuur daargestel wat in die hemel en ook op die aarde van toepassing is. Hy is ons Vader en ons is sy kinders: *... en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees ...* (2 Kor. 6:18). Ons is God se erfgename en ook mede-erfgename van Christus.**

## Ek en my huis sal die Here dien

God verwag van ouers om kinders in sy weë groot te maak sodat hulle Hom sal ken en op Hom kan vertrou. Huisgodsdiens bied die ideale geleentheid om as gesin rondom God se Woord te vergader. Ons moet ons kinders vertel *van die roemryke dade van die Here en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het ... sodat die volgende geslag dit kan weet ... opstaan en vertel aan hulle kinders ... hulle vertroue op God ... stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar* (Ps. 78:4, 6-7).

God wil sy kinders seën en goed aan hulle doen: *Ag, as hulle maar so 'n hart gehad het om My te vrees en al my gebooie altyd te onderhou, dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan* (Deut. 5:29). Sy seën rus op die huis van diegene wat Hom getrou dien: *Dit het U dan nou behaag om die huis van u kneg te seën ... want U, Here, het geseën ... dit sal vir ewig geseënd wees* (1 Kron. 17:27). Verklaar ons waarlik saam met Josua: Ek en my huis sal die Here dien? (vgl. Jos. 24:15). God het vir Noag gesê: *Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek regverdig bevind ...* (Gen. 7:1). Sal God ons ook regverdig bevind in ons volgehoue trou aan Hom?

## Onderneem om huisgodsdiens te doen

Laat ons as gesinne dan onderneem om huisgodsdiens te doen sodat Hy ons in sy waarheid kan onderrig: *Erken dan in jou hart dat die Here jou God jou onderrig ...* (Deut. 8:5). Huisgodsdiens is meer as net Bybel lees en bid. Ons leer daardeur hoe om soos kinders van God te funksioneer – eers in 'n veilige omgewing binne gesinsverband en dan daar buite waar ons in die wêreld beweeg, hetsy by die werk, skool of elders. Só sal ons dan ons skeppingsdoel bereik en diensbaar wees in sy koninkryk.

Huisgodsdiens as spesiale saamweestyd, behoort 'n liefdevolle en positiewe ervaring te wees. Gesinstyd met God moet spontaan en op 'n natuurlike wyse deel van ons daaglikse lewe word. Dit moet iets wees waarna ons uitsien en aan meedoen sodat dit die hoogtepunt van ons dag sal wees. Die wyse waarop ons dit doen, is nie voorskriftelik nie. Maar ons moet altyd onthou dat Hy God is en aan Hom eerbied betoon: *Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde* (Hos. 11:9).

Ons afspraak met God hoef nie 'n formele vergadering te wees nie. Ons moet ruimte gee vir die Heilige Gees om in ons harte te werk. Natuurlik moet ons eerbied vir God hê wanneer ons Hom met vrymoedigheid in ons teenwoordigheid innooi, maar ons hoef dit nie met begrafnisgesigte te doen nie. Gesinslede kan met voorstelle en idees kom waarvolgens huisgodsdiens ingerig kan word. Elkeen se insette gee dat almal welkom en waarlik deel van die gesin voel. Dan gee dit die gesin 'n gesamentlike doel – om gehoorsaam aan God te wees en Hom, ook met hul huisgodsdiens, te dien.

Gesinslede moet vooraf kommunikeer oor hul voorneme om huisgodsdiens te doen. Bespreek waarom dit lewensnoodsaaklik is om te doen wat God vra. Laat die gedagte by almal insink voordat daar tot aksie oorgegaan word. Dit is 'n groot besluit en wanneer ons ons daartoe verbind, moet ons ons woord hou.

## Begin treetjie vir treetjie

Roetine en konsekwentheid is belangrik sodat almal weet wat van hulle verwag word. Pasop egter om aan die diepkant in te spring. Dit is goed om ywerig te wees, maar as 'n mens van die begin af voluit hardloop, word jy dalk vinnig moeg en sak gou uit. Dit is beter om eers

babatreetjies te gee en dan geleidelik spoed op te tel soos almal hul voete vind en by die pas inval. Stel maklik bereikbare doelwitte, veral aan die begin wanneer almal nog gewoond raak aan die idee om huisgodsdiens 'n werklikheid te maak.

Dit maak tog net sin dat almal se gô spoedig uit sal wees indien Pa daarop sou aandring om in één aand deur Openbaring te lees. Maar as almal daarna bymekaarkom om 'n psalm of gesang te sing voordat 'n gesinslid met gebed afsluit, skep almal moed. Die kans is goed dat gesinslede traag sal wees om uitmekaar te gaan wanneer 'n aktiwiteit positief ervaar word. Hulle voel dalk lus om nóg 'n lied te sing, vra dalk vrae of wil iets vertel. Kommunikasie geskied sodoende ongedwonge en spontaan.

### 'n Leerskool om ligdraers te wees

Kinders se programme is deesdae oorvol akademiese en buitemuurse aktiwiteite. Ouers se dagboeke is ook volgeprop met vergaderings en verpligtinge. Dit kan dalk voel of die laaste strooi die kameel se rug gaan breek wanneer 'n mens nóg hooi op die gesin se vurk wil laai.

Soos ons leer om God eerste in ons lewens te stel en Hom ons hoofprioriteit te maak, sal huisgodsdiens al hoe belangriker word totdat dit outomaties deel van ons lewe is:

> ***Here, in die nag het ek gedink aan u Naam, en ek het u wet onderhou. Dit het my deel geword, omdat ek u bevele bewaar het*** **(Ps. 119:55-56).**

Ons moet net ons afspraak met God getrou nakom.

Ons kan God in oorgawe loof en prys met ons hele hart, siel en verstand deur wat ons sê en doen. Huisgodsdiens bied die ideale geleentheid om God in woord en daad te verheerlik. Ons en ons kinders kan in 'n veilige en liefdevolle omgewing God openhartig en heelhartig dien sonder die vrees van veroordeling.

Soos ons groei in geloof en sekerheid in wie en wat ons in God is, sal ons spontaan die vrymoedigheid ontwikkel om Hom ook buite gesinsverband te dien. Ons sal dus so ingeoefen wees om God eerste en bo alles in ons lewens te stel, dat ons Hom ook aan die res van ons familie en ons vriende sal verkondig. Dit sal uitkring na elke faset van ons lewe – ook ons werksplek en skoolomgewing – want ons lewens sal kragtig getuig dat ons ligdraers van God is.

Laat ons dan met 'n gewillige hart en 'n leerbare gees aanmeld vir huisgodsdiens. Mag daar in ons harte 'n vaste geloof en vertroue wees dat ons die Here daarin sal leer ken.

---

1. Resensent en skrywer van *Gesinstyd met God* (LUCA).


**VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES:** Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede. **AP Kerk Bainsvlei – Kontak ons by 082 614 5857**

## Belfast Rusoord

*Kom maak ons rusoord jou tuiste waar jy in goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike senior burgers rustig kan raak.*

WEES BARMHARTIG

ONS BIED DIE VOLGENDE:
24 uur mediese versorging • GKTV • 24 uur sekuriteitstoegangsbeheer • Drie gebalanseerde maaltye per dag • Aktiwiteite vir elkeen.

PRYSE: Semiversorgend – R6 180 • Verswakte bejaardes – R 6 720
Woonstelle: Selfversorgend – Eenmanwoonstel – R2 830
1 Slaapkamer R4 500 – 2 Slaapkamer R6 070.

**Kontak die bestuurder vir enige navrae: Riana de Villiers by 013-253 3121 / 063 663 7449 of e-pos: manager@belfastrusoord.co.za**



# Huisgodsdiens: Om voor God te buig

**Hannes Noëth**[1]

Wanneer die geloofslewe lou raak, word huisgodsdiens nagelaat. Dan ontstaan allerhande verskonings en beredenerings. Vir die gesin wat voor God buig, is die waarde van huisgodsdiens vanselfsprekend 'n vreugde. Waar die Here die herder van 'n gesin is, is dit vanselfsprekend dat die skape sy stem soek, herken, volg en daarna luister: in persoonlike godsdiens, in die erediens, maar ook in huisgodsdiens.

## Ons as gesin wíl

Predikante word soms met vrae oor huisgodsdiens gekonfronteer: Waar sê die Bybel dat huisgodsdiens gedoen móét word? Waarom moet dit sáám gedoen word? Wanneer 'n gesin in die Here is, wíl hulle saam voor die Here aanbid. Vir so 'n gesin is dit nie 'n las nie, maar 'n vreugde en 'n voorreg. Daarom is daar by baie gelowiges vandag nog die mooi nostalgie van grootword in die ouerhuis rondom die Woord: wanneer Oupa en Ouma kuier; wanneer kinders kuier; wanneer ons by 'n sterfbed sit. Om 'n dag saam om die Woord af te sluit of te begin is vanselfsprekend, want so 'n gesin wíl dit doen. God is 'n verbondsgod wat in verbondsgesinne en deur verbondsgeslagte werk. Huisgodsdiens is fundamenteel deel daarvan.

## Ons as gesin kán

'n Gesin wat huisgodsdiens wíl doen, is 'n gesin wat huisgodsdiens kán doen. Wanneer die wil ontbreek, is daar gewoonlik 'n duisend verskonings: besige skedules, beurtkrag, persoonlike godsdiens wat gesamentlike godsdiens vervang. Natuurlik moet groterwordende kinders elkeen hul eie godsdiens doen en natuurlik moet Pa en Ma tyd vir persoonlike godsdiens maak. Ons mag egter nooit verskonings teen gesamentlike huisgodsdiens aanvoer nie.

Terwyl die Here Jesus op reis was, kom tien melaatse mans Hom tegemoet. Nadat Hy hulle genees, draai net een om om dankie te sê. Toe vra Hy: *Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege?* (Lk. 17:17). Hulle kon ook omdraai, maar was te haastig om by hul besige lewens uit te kom. Hulle het vergeet van die Een wat die lewe gee. Wanneer ons wíl, kán ons tyd vir huisgodsdiens maak. Ons moet mekaar vermaan, bemoedig en aanspoor tot ywer. Wie wíl, sal kán.

## Ons as gesin móét

Is huisgodsdiens 'n opdrag van God? Of raak dit net die wíl en kán van 'n gesin? 'n Gesin móét – dit is 'n opdrag van God. Maar dit is nie 'n dreigende móét nie; dit is deel van ons dankbaarheidslewe. Die vryspraak in Christus raak ons so dat ons nie anders kan nie (vgl. Joh. 3:16). Ons môregebed en ons aandgesang is vir ons vanselfsprekend. Dit is byna soos om te eet: dit is lekker, dit gee vreugde, dit bou ons, dit dra ons. So wil die gelowige uit die Woord van God eet, drink en God dank. Dit is 'n positiewe móét – nie soos 'n Vader wat dreigend voor sy kinders staan nie, maar soos Een wat motiveer en aanmoedig: Ek weet wat vir julle goed is; Ek wil julle versterk.

## Ons as gesin sál

God werk die begeerte in ons harte om as gesin rondom sy Woord te vergader. Dan word daar nie meer gevra of geredeneer nie. Ongeag van rugby- of oestyd, beurtkragtyd – ons doen dit. Dit is ons gewoonte; dit is ons lewensritme. Soos ons sonder nadenke en sonder moeite Sondae saam in die huis van die Here is, net so is ons met huisgodsdiens saam voor sy Woord.

## In waarde omgesit

Om as verbondsgesin so voor die Here saam te kom, kan in geen waarde gemeet word nie. So leer die gesin om die Here lief te hê; om teëspoed in die Here te verdra; om dankbaarheid vir voorspoed te betuig.

**Hoe mooi is dit – 'n gesin wat al hul behoeftes, smekinge, bekommernisse en voorbidding in gebed voor God bring.**

**Hoe mooi is dit – 'n gesin wat saam luister na sy Woord; sy stem leer ken; hoor hoe Hy op hul lewensvrae antwoord; ervaar hoe Hy deur sy Woord rig en lei, hoe Hy sy Woord vir 'n gesin oopmaak.**

**Hoe mooi is dit – 'n gesin wat saam voor God die Almagtige sing: met lofprysing, met dankgebede; soms klaend, soms smekend, soms stil voor sy genade.**

'n Verbondsgesin wat die bemoeienis van sy Verbondsgod ervaar, is 'n geseënde gesin. Huisgodsdiens getuig daarvan.


1. Hoof van Solidariteit Helpende Hand en lidmaat van die Gereformeerde Kerk.

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR 2023

# KINDEROPVOEDING: DIE BYBEL IS GENOEGSAAM ...

... want die Skrif is nuttig vir onderrig in die korrekte leer, nodig vir afwys van die verkeerde leer en verkeerde gedrag en noodsaaklik tot onderrig in die regte gedrag. Die eerste beginsel is dus om te vertrou dat die Bybel genoegsaam is.

*Erkenning: Ds. Ruan Combrink, "Kinderopvoeding: Die Bybel is genoegsaam vir kinderopvoeding," in* Onder sy Heerskappy, *292.*



## LETTERKODES VIR GRYS BLOKKIES

| | | |
|---|---|---|
| A | B | D |
| Ey | Je | Nr |
| E | F | G |
| Ag | Vy | Bs |
| H | I | J |
| Or | To | Tv |
| K | L | M |
| Ye | Nb | Rt |
| N | O | R |
| As | Yg | Ta |
| S | T | V |
| Dt | An | Te |
| W | Y | |
| En | Hn | |

**Teksvers:**
Lees 2 Tim. 3:10-17.
Teks loop slegs van links na regs.

## DWARS

1. Wie is deur Jannes en Jambres teëgestaan? (2 Tim. 3:8)
4. Om iemand te belas (2 Tim. 3:6)
6. Bêre dit in jou hart (Ps. 119:11)
10. Ongehoorsaam aan hulle (2 Tim. 3:2) (ekv.)
11. Om te handhaaf (Ps. 119:2)
13. Om meer vreugde te hê in die wet as oor besittings (Ps. 119:14)
14. Deur Hom is die Skrif ingegee (2 Tim. 3:16)
15. Om vrolik en bly te wees (Ps. 119:16)
17. Geheel en al (Ps. 119:2)
19. Hulle het dit liewer gehad as vir God (2 Tim. 3:4)
20. Opgeruimd en plesierig (Ps. 119:14)
21. Gebooie wat vas staan (Ps. 119:5)
22. Weggesit in my hart (Ps. 119:11)
24. Die digter wil daarop let (Ps. 119:15)
25. Verdorwe tye wat voortduur tot Jesus se wederkoms (2 Tim. 3:1)
26. Oortreding van morele wette (2 Tim. 3:6)

## AF

2. Om ag te gee op bevele (Ps. 119:15)
3. Op hoogte wees van (2 Tim. 3:15)
5. Om af te wyk van gebooie (Ps. 119:10)
7. Om te bevry (2 Tim. 3:11)
8. Ongeveins van hart (Ps. 119:7)
9. Eerlike ongeveinsde mense (Ps. 119:1)
10. Om bevele trou na te kom (Ps. 119:4)
11. God eis dat sy gebooie trou onderhou moet word (Ps. 119:4)
12. Jongmens (Ps. 119:9)
16. Plek van vervolging (2 Tim. 3:11)
18. Om jou lewe skoon te hou (Ps. 119:9)
20. Om nalatig te wees en te versuim om die Woord te oordink (Ps. 119:16)
23. Om verleentheid en skaamte te ervaar (Ps. 119:6)

# Danie Theron – voorwaar Boereheld! deur Elias Olivier

Met hierdie vertelling wil ek graag 'n bydrae lewer tot die artikel "Wie was Danie Theron en waarom is daar vir hom 'n monument opgerig" in *Die Boodskapper* van Julie/Augustus 2023.

Adriaan Snyman vertel in "Siener lei Boere deur die Rooisee" in die boek, *Stem van 'n profeet*, die volgende verhaal.[1]

Op een stadium gedurende die Anglo-Boereoorlog en kort voor die afsterwe van Danie Theron, het 'n groot Engelse opmars 'n omsingelingsbeweging in die suidooste van die Vrystaat uitgevoer om genl. De Wet teen die Caledonrivier (wat in vloed was), vas te trek. Hulle was redelik suksesvol en het hom en ongeveer 500 man by die samevloeiing van die Caledon- en Oranjerivier (beide in vloed) vasgekeer. Genl. de Wet het dit begin oorweeg om oor te gee. Die Engelse was so oortuig dat hulle De Wet tot oorgawe sou dwing, dat hulle die middag reeds aan Londen berig het dat hulle die "old dirty De Wet" klaar gevang het!

Onverwags het 'n jong Danie Theron, sopnat en met bloeiende voete en hande, uit die bosse na genl. De Wet gestrompel. Hy het 'n boodskap van Siener van Rensburg gehad en het deur 'n rivier geswem en handeviervoet deur bosse en deur die Engelse linies gekruip!

**Die boodskap was: "Ek sien genl. De Wet is in die moeilikheid; hy is omsingel teen 'n vol rivier. Daar is 'n uitweg. Waar genl. De Wet is, lê 'n groot klip teenaan die water en aan die oorkant van die rivier, staan 'n groot maroelaboom. De Wet en sy manskappe moes reguit van die klip af, deur die water, na die boom aan die oorkant van die rivier beweeg ... die perde sal nie eens tot aan hul pense nat word nie."**

Genl. de Wet se opdrag aan sy manskappe is met teensin, weens vrees vir verdrinking, ontvang. Eers nadat hy met die sambok onder hulle ingespring het, het die hele kommando te perd deur die rivier begin trek en veilig oorkant uitgekom – sonder dat die perde se pense aan die water geraak het. Danie Theron, medies versorg en voorsien van skoon klere en 'n perd, is saam met hulle deur.

Die volgende oggend vroeg het die Engelse toegeslaan, maar al wat hulle kon kry, was die plek waar perdespore die water in is en aan die oorkant langs die boom, waar hulle die water verlaat het. Die soldate is opdrag gegee om onmiddellik die rivier met 'n opvolgoperasie in te gaan.

Halfpad deur die water was daar skielik 'n stroomversnelling (klaarblyklik het 'n sandbank onder die water, waarop die Boere deurgetrek het, ineengestort en verspoel) en feitlik al die Engelse en perde (etlike honderde) is weggevoer en het onder die water van die Caledonrivier verdwyn – net soos Farao se ruiters destyds by die Rooisee.

Danie Theron het weer by sy manskappe aangesluit en nie lank daarna nie het hy gesneuwel, soos in die genoemde artikel vertel. Genl. de Wet het later gesê:

**"Ek twyfel nie daaraan dat die Here daardie dag, deur Danie Theron, oom Niklas (Siener van Rensburg) se boodskap aan my gestuur het nie."**

1. Redaksioneel verkort en verwerk.

**Natal Suidkus – Southport**
Lekker, gerieflike selfsorgtuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see-uitsig, DStv, ens. Tariewe vanaf R350 per dag.
***Kom ontspan in 'n rustige, stil omgewing!***
**Kontak Hendrie: 072 932 1070**

**SUIDKUS – MARGATE**
Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.
Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

# SMELTOOND

• *November 2023* • Deur Charlotte Möller



# Waar is die kontant heen?

*... 'n merk ... sodat niemand kan koop of verkoop nie ...* (Openb. 13:16-17).

### Die dier uit die see en uit die aarde

Die apostel Johannes staan op die sand van die see en sien 'n skrikwekkende dier uit die see opkom – die Antichris (vgl. Openb. 13:1-10). Hy verteenwoordig alle onderdrukkende, Godvyandige wêreldmagte en -sisteme, filosofieë, ideologieë en sosiale ordes wat God se kinders oor alle tye onderdruk en hy eis totale toewyding aan hom op. Dan sien die apostel 'n tweede dier uit die aarde opkom – die vals profeet. Hy is minder skrikwekkend as die eerste (die Antichris), maar net so gevaarlik. Hy lyk soos 'n lam, maar praat soos 'n draak. Hy verlei aardbewoners om die Antichris te aanbid.

'n Belangrike taak van die vals profeet is om mense vir die Antichris te merk – hul denke en gedrag moet Godvyandig wees. Hierdie merk verleen toegang tot ekonomiese aktiwiteite. So is die vroeë Christene byvoorbeeld van ekonomiese aktiwiteite uitgesluit omdat hulle nie aan die ambagsgildes wat afgodsverered was, wou behoort nie. Vandag trap totalitêre owerhede dieselfde spoor.[1]

### 'n Alomteenwoordige oog op koop en verkoop

Baie mense meen dat wanneer die Antichris op die toneel verskyn, hy 'n vastrapplek as wêreldmag gaan probeer kry.[2] Sy beginstrategie sal wees om eers beheer oor die wêreldekonomie te verkry. Dit is baie vinniger en makliker om ekonomiese beheer te verkry (met al die middele wat vandag beskikbaar is), as wat dit is om militêre en politieke beheer te kry. Sodra jy die ekonomie beheer, het jy beheer oor mense se lewens. Dan kan jy hulle polities en militêr oorneem. Daarom sal die Antichris poog om vinnig ystervuisbeheer oor alle koop en verkoop te verkry. Om dit te bereik, is 'n kontantlose samelewing nodig – wat vandag voor ons oë aan't gebeur is.

Gedurende 'n onlangse geleentheid van die Wêreld-Ekonomiese Forum (WEF), spog ekonoom Eswar Prasad oor hoe Sentrale Bank Digitale Geld-eenheid (SBDG of Engels: Central Bank Digital Currency [CBDC]) gebruik kan word om aankope te beheer. Dit beteken dat 'n sentrale bank betalings vir items wat die regering nie bevoordeel nie, kan blokkeer. Dit kan mense wat op die een of ander manier as politieke teenstanders beskou word, ook uit die finansiële stelsel hou. Talle lande ondersoek nou die moontlikheid van SBDG.

Die probleem met SBDG is die beheer wat regerings kan uitoefen om dit te programmeer, na te speur of op te skort. So kan 'n persoon se brandstofgebruik byvoorbeeld beheer word om die las wat uitlaatgasse op die omgewing het, te verlig. Die groter doel is egter die totale uitskakeling van alle fisiese vorme van geld. Volgens 'n Chinese bankhoof kan kommersiële elektroniese betaalinstrumente binnekort ten volle aan die behoeftes van die digitale ekonomie en die samelewing voldoen en so kontant heeltemal vervang. 'n Kontantlose samelewing blyk onafwendbaar te wees.

### Wys ons net jou palm

Op die hakke hiervan is Amazon op die punt om sy nuwe kontantlose palmskanderingstegnologie bekend te stel.[3] In 'n verklaring is aangekondig dat die palmherkenningsdiens, Amazon One, teen die einde van die jaar vir betaling, identifikasie, lojaliteitslidmaatskap en toegang by meer as 500 Whole Foods- en Amazon Fresh-liggings regoor die VSA gebruik sal kan word. In plaas daarvan om 'n kredietkaart of selfs 'n selfoon vir Apple Pay te gebruik, sal kliënte eenvoudig hul handpalms oor 'n Amazon One-toestel moet beweeg om te betaal. Jou palm sal jou laat koop en verkoop – alte gerieflik, én baie veilig ...

Sommige Bybelverklaarders sê al lank dat daar 'n kontantlose samelewing gaan kom. Volgens hulle is dit die enigste manier waarop die Antichris die wêreldekonomie sal kan beheer. Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie tegnologieë nie die merk van die dier is nie, maar dat dit deel is van die infrastruktuur wat hy sal gebruik om die wêreldekonomie te beheer. Wanneer jy mense se geld beheer, beheer jy hul lewens.


Christene moet hierdie en alle ander toekomstige beproewinge getroos tegemoetgaan: Ons dra die merk van Christus – Hy het Satan en sy trawante reeds oorwin. 😁

---

1. Lees JAE Adendorff, *Openbaring: Die Boek van die Voleinding*, 219-223. https://bit.ly/3CrcKZX
2. https://bit.ly/46zCrUn
3. https://bit.ly/3Q1HLKF

AP KERK GEMEENSKAP

## Lidmate van die AP Kerk vier saam fees




Die kerkgemeenskap van Nylstroom het op 27 Augustus feesgevier – presies 90 jaar ná die formele ontvangs van die Afrikaanse Bybel op 27 Augustus 1933 in Bloemfontein. Hiermee 'n paar indrukke van die 90-jarige herdenking.

Opvallend was al vier die belydeniskerke verteenwoordig. Onder die deelnemers aan die voordrag was daar vyf predikante uit die APK, GKSA, NGK en NHKA. Die Woord van God het ons saamgesnoer: Een Woord, een belydenis, een taal, een volk. So hoort dit.

Die voordrag is deur sowat 16 volwassenes en 10 kinders opgevoer. Dit was 'n eenvoudige verhaal waarin die geskiedenis van vertalings uit die Reformasie, die poging van SJ du Toit en Pannevis en die uiteindelike vertaling van die 1933 Bybel in Afrikaans, voorgedra is. Die spontane gesprekke en vertellings van die deelnemers het die geskiedenis laat herleef. Die verhaal het die gehoor aangegryp en dit was duidelik uit die hartlike samesang van die afsluiting met Psalm 146:8. Een predikant het gesê dit het hom "hoendervleis" laat kry.

Wat is uiteindelik die betekenis van die feesviering? Met enkele aanhalings uit die voordrag, kan dit soos volg opgesom word: In Handelinge 2:11 staan die merkwaardige woorde: ... *ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek*. Dit sê, die Evangelie: "Die ganse heilige Skrif," wat in die volkstaal gehoor word. Daarom kan ons met blydskap terugkyk dat die Pinksterwonder in ons volkstaal, op 27 Augustus 1933, waar geword het. Daarom kan ons steeds met oortuiging sing: "God van wordende geslagte tot in ewigheid die HEER" (Ps. 146:8).

Dit was 'n fees – 'n dankfees. Al ons dank aan onse ewige God wat beskik; wat sy Woord bewaar, selfs in Afrikaans. Daarom aan Hom alle eer.

Prof. Hendrik van der Wateren
Lidmaat van die Gereformeerde Kerk (Nylstroom)

**ADVERTEER IN *DIE BOODSKAPPER*!** Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**Geloftefees Mosselbaai**

Mosselbaai Stadsaal | Tyd: Saterdag, 16 Des 2023, 9:00
Prediker: Ds. Danie van Dyk | Geleentheidspreker: Willie Spies
Afsluiting: Lees van die Gelofte en sing van die Stem

AP KERK BENONI

## Bybel in Afrikaans – 90 Jaar

Die AP Kerk Benoni het op 20 Augustus 2023 die "Bybel in Afrikaans – 90 jaar" feestelik gevier. En wat 'n blye dag! Deur die geloof het ons oor 'n tydperk van 5 maande Projek 90 van stapel gestuur, waarmee gepoog is om 90 Bybels te borg.

Ds. Carl Vermaak, die AP kerkverband se verteenwoordiger by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BGSA) het die nagmaaldiens waargeneem en daarna 'n kort oorsig van die BGSA se werksaamhede gegee. Die Vroueaksie het die ingevorderde R9 000 aan ds. Vermaak oorhandig en die koor het die "Feeslied" gesing. Hierdie lied is deur ds. GBA Gerdener geskryf en is in 1933, tydens die ingebruikneming van die Bybel in Afrikaans te Bloemfontein, gesing.



*V.l.n.r.: Catrien, Annemarie, Gerda, ds. Carl Vermaak, Helia en Ronel*

Ons Bybeluitstalling het baie aandag getrek. Daar was 'n Statebybel, 'n 1933-Bybel met die datum 1 Julie 1933 (as geskenk ontvang), 'n 1953-uitgawe, 1983 se spesiale uitgawe en ons nuwe 2020-direkte vertaling. Die dag se verrigtinge is afgesluit met die sing van die "Oorwinningslied", met die slotwoorde: "Gods Woord sal ewig staan".

Catrien en Ronel

AP KERK CAROLINA

## Huldeblyk – Doreen Tauté (4/6/1940 tot 19/6/2023)

Dit het ons hemelse Vader behaag om ons geliefde moeder, ouma en oumagrootjie, Doreen Tauté, in die ouderdom van 83 jaar en 15 dae, na Hom te neem. Sy is met diabetes gediagnoseer en met verloop van jare het verskeie siektetoestande deel van haar daaglikse bestaan geword. Ten spyte van haar gesondheidsprobleme, het sy altyd haar hulp en liefde onvoorwaardelik aan haar man, kinders, kleinkinders, familie en vriende uitgedeel.



*Doreen Tauté*

Sy was 'n geliefde persoon in Carolina, Carolina SAVF-tehuis en in die AP Kerk Carolina. Sy was altyd hard aan die werk om te help om pannekoek te bak en suikerversiering te doen. Ons gaan haar pragtige handewerk by ons jaarlikse basaar mis, waar sy altyd gereed was om suigstokkies en paaseiers vir fondsinsamelings te versier. Ons dra graag Spreuke 31:10 aan haar op: *Wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale*. Ons dank ons hemelse Vader vir 'n vol en lang lewe wat haar beskore was. Ons dank vir genadetyd om afskeid te kon neem.

Bedroefde familie

AP KERK CAROLINA

## Bevestiging van kerkraadslede

Op Sondag 25 Junie 2023 is die broers op die meegaande foto as kerkraadslede bevestig. Ná die bevestiging is daar heerlik rondom 'n warm koppie koffie, tee en versnaperings in die kerksaal gekuier.

Ons bid dat ons hemelse Vader hierdie broers tot groot diens in sy koninkryk sal gebruik en dat elkeen van die kerkraadslede hul lewens elke dag sal inrig soos wat die Here Jesus dit van ons almal vra. Seën en sterkte word hulle toegebid.

Elza Tauté



*V.l.n.r. as diakens: Jacques Potgieter, Danie Moolman en Baltie Kritzinger As ouderling: Stander Tauté, langs ds. Hendrik du Plessis*

AP KERK HOËVELDRIF

## Bejaardes kuier heerlik rondom ontbyt

Die oggend van 2 September breek uiteindelik aan. In die kombuis van die AP Kerk Hoëveldrif word daar ywerig voorberei aan 'n ontbyt vir die bejaardes. Hulle sien al 'n geruime tyd uit na hierdie funksie. Ons oudste vroulike lidmaat van die dag, tannie Rika Viviers ('n jeugdige 93), ontvang die boek, *Pitkos tot Nadenke*. Ons oudste manlike lidmaat van die dag, oom Martin Jordaan, ontvang ook 'n boek, *Deur die oë van 'n man*. Ons het ons jongste pensionarisse ook verwelkom met 'n boek vir elkeen. Annemarie Potgieter ontvang *Die Buiter* en oom Dirk de Kock ontvang ook *Deur die oë van 'n man*.

Die funksie het so goed afgeloop, dat daar gevra is: "Wanneer maak ons weer so?"

Elize Pretorius




*Bejaardes kuier heerlik*



*Bejaardes kuier heerlik*

AP KERK WATERBERG

## In memoriam: Joyce Visser

Een van ons staatmakerlidmate, Joyce Visser, is op 30 Augustus op 81-jarige leeftyd oorlede. Sy was 'n raakvatsuster en ons sal haar mis. Ons dank die Here vir alles wat sy vir ons gemeente beteken het.

Stoffel Visser



*Joyce Visser*

AP KERK BRAKRIVIER

## Kieries

Die senior lidmate het onlangs 'n groep gevorm met die naam "Kieries" en het sommer gou daarna hul eerste uitstappies onderneem.

### Kieries klop aan by wildsplaas

Dit was 'n opgewonde groep seniors wat op 2 Augustus 2023 hul sonskerm, sonbril, safarihoed en kameras vir hul eerste uitstappie na 'n wildplaas te Goedemoed (net buite Hartenbos), bymekaargeskraap het. Hennie en Annette Jansen van Rensburg, die eienaars, is lidmate van die gemeente. Met ons aankoms, is die 20 seniors met heerlike eetgoed en koffie by netjies gedekte tafels, ingewag. Kort voor lank was almal aan die gesels en toe kon die wildsrit ook sy ry kry.


Kieries

Dit was vir die eerste 10 Kieries 'n volle uur se verkyk aan koedoes, waterbokke, springbokke en ander wild. Daar was kameelperde, buffels, sebras en selfs 'n seekoei. Toe ons uitgekuier was met horings en sterte, het Hennie ons na die fynbos geneem. Die proteas het veral almal se asems weggeslaan. Hennie moes 'n tweede rondte Kieries oplaai en dit het net soveel foto's en asem ophou opgelewer. Met baie foto's en baie goeie herinneringe is almal, ná 'n baie gesellige kuierdag, vroegmiddag huis toe.

### Kieries pluk aarbeie

Op 6 September het die Kieries weer bymekaargekom. Dié keer het hulle aarbeie op 'n bessieplaas net buite George, gaan pluk. Daar was weer 20 seniors; hierdie keer ook 'n paar nuwe gesigte. Weer het die netjiese, ruim restaurant 'n groot indruk gemaak. Daar is letterlik ure lank gekuier, gelag en gesels. Hierna het almal die winkels ingevaar en was dit heelwat makliker om aarbeie te koop as om dit self te pluk! Gelukkig en ontspanne het die groep seniors die rit huis toe aangepak het.

Janine du Plessis

AP KERK BETHAL

## Kriel-wyk se kuier

'n Koel 28 Junie-oggend breek vir die bejaardes van die Kriel-wyk aan. Daar word gewerskaf in die koffiewinkel, want vroeg die oggend was daar 'n inbraak. Ongelukkig is die kontant, asook al die voorbereide kos vir die funksie, geroof.

Die bejaardes van die Kriel-wyk, toegewikkel in warm klere, geniet ontbyt saam met die ouderling, sy vrou en die leraar.


Kriel-wyk se kuier

Elize Pretorius

**AP KERK CULLINAN-RAYTON**

## Afgelope gemeentelike aktiwiteite

Op 30 Julie het Nicolai Smit belydenis van geloof afgelê. Die Steyn-broers se geloofsbelydenis het op 3 September plaasgevind.

Op Saterdag 26 Augustus het ons gemeente haar jaarlikse dankofferfees met die tema "Afrikaners is plesierig", gehou. Die spyskaart was tradisioneel met skaap op die spit, varkboud, braaivleis, pap en sous, slaphakskeentjies, pampoenkoekies, tuisgebakte brood, souskluitjies, gemmerbier, ensovoorts. Weens die skielike koue weer, het net sommige lidmate dit in tradisionele kleredrag gewaag. Beurtkrag het die feesgangers nie onverhoeds betrap nie, want die olielampies het gesellig op die gedekte tafels gebrand. Ons jong lidmate was baie betrokke by die program en het hulp verleen met die voorbereiding van die kos en tafels en die opruiming ná afloop van die fees.

Op Sondag 27 Augustus het ons die Bybel in Afrikaans se 90ste verjaarsdag met 'n sangdiens gevier. Elke lidmaat is trakteer op 'n koekie, bo-op versier met 'n swart boekie.

Op Sondag 17 September het br. Cornelis en sr. Karien Jonkers hul dogtertjie, Hannah-Lisa, ten doop gebring. Prof. Koos Adendorff het die doop bedien.

Ingestuur



*Nicolai, oudl. Wilhelm Jooste en ds. Carl Vermaak*



*V.l.n.r.: Oudl. Wilhelm Jooste, oudl. HP Steyn (hul vader), Hennie, Frens en Jan-Petrus Steyn, ds. Carl Vermaak*





*Die Jonker-gesin saam met prof. Koos Adendorff*











AP KERK POTGIETERSRUS

## Seniors praat kos ...



Nóg beurtkrag, nóg koue, nóg teleurstellings kon die entoesiasme van die geseënde groep senior burgers demp. Van die talle moontlike keuses vir die tema van ons maandelikse byeenkoms op 12 September, het "Kos" loshande gewen! Dalk een van die kortste selfstandige naamwoorde in ons taal, maar gewis een van die mees omvattende en beskrywende (én bevredigende) onderwerpe waaroor 'n mens kan gesels.



Kos is letterlik én figuurlik vanuit ses kante bekyk en beluister. Ds. Henning Dafel het ons byeenkoms geopen en aan die hand van tien Skrifgedeeltes die tema vanuit die Bybel toegelig. Br. Freek Wagner het vertel van hidroponiese groenteverbouing[1] en sr. Elaine Wagner oor die voedingsvereistes van seniors. Br. Willie Olivier het in ons poësieskatkis gaan grawe en die gedig "Die miljoenêr se spens" van Peter Blum voorgelees en ook "Gee my springbokbiltong" aangebied. Daarna het ons geluister na die raad van Khalil Gibran oor "Eet", wat ons baie stof tot nadenke gegee het.

Tussendeur is 36 tematiese Bybelverse voorgelees – met groot sorg en toewyding uitgekies en saamgestel. Ons het afgesluit met samesang van die ou dankiesêliedjie "Vir spys en drank sê ons U dank". Ná 'n heerlike ete is ons huis toe – sielsgelukkig en vol dankbaarheid vir soveel genade!

1. *Die grondlose kweking van plante waarby die nodige plantvoedsel in opgeloste vorm toegedien word aan die plante wat in dooie sand of vermikuliet geplant is om hulle regop te hou.*

Wilna Eckard

AP KERK KLEINFONTEIN

## Bybel in Afrikaans – 90 jaar

AP Kerk Kleinfontein is ook bevoorreg om 'n lidmaat te hê wie in 1933 gebore is (die jaar waarin die volledige Afrikaanse Bybel verskyn het). Tannie Rina du Preez is deur die Bybelgenootskap genooi om tydens die 90-jaar viering van die Afrikaanse Bybel, op 27 Augustus 2023 by die Voortrekkermonument, 'n Bybel aan CVO Skool Pretoria te oorhandig.

Hannes Davel



*Ruben Sassenberg (hoofseun CVO Pretoria) saam met tannie Rina*



*Ds. Carl Vermaak saam met tannie Rina*

**AP KERK PRETORIA-OOS**

## Meesterstukke vir die liefdesgawes

Hans en Henriëtte Swart is bekende en meelewende lidmate van die AP Kerk Pretoria-Oos. Hulle is gevra om die kollektesakkies, wat vir die liefdesgawes gebruik word, te vernuwe. Van die sakkies was al baie verslete.

Die Swarts het 'n lang tradisie van nutswerk, handewerk en naaldwerk. Hulle het hul vaardighede van hul voorouers geërf en gebruik net die beste materiaal en gereedskap om hul produkte te maak. Hulle het die sakkies met liefde en toewyding in hul werkswinkel (by hul huis) reggemaak.



*Soos 'n wafferse Franse koninklike word die sakkies in houtraampies vasgemaak*

Die sakkies is gemaak van purperkleurige materiaal, wat simbolies is van die hemelse rykdom wat God aan sy kinders gee. Die materiaal is ook duursaam en sterk sodat dit nie maklik skeur of vuil raak nie. Indrukwekkende skrynwerkmetodes is gebruik. Die handvatsels is afgeskuur en gladgemaak. Dit is gemaklik om vas te hou en pas perfek by die grootte en vorm van die sakkies. Hans en Henriëtte se kollektesakkies is meesterstukke – dit weerspieël die kreatiwiteit en vakmanskap van die gesin. Gelukkig was dit nie vir die diakens nodig om pluiskuile vir die opneem van die liefdesgawes te gebruik nie, want die regmaak van die sakkies is alles in een week voltooi.

Namens die gemeente wil die diakonie die Swarts bedank vir die pragtige nuwe kollektesakkies. Dit moet nie ongesiens verbygaan nie en daarom deel ons dit graag met die kerkverband.

Elbert Eksteen

## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.


Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE: OKTOBER 2023, BL. 7**



**ANTWOORD: GEBREK AAN KENNIS**

**AP KERK RUSTENBURG**

## Onlangse gebeure



Die spesiale sanggroep

### Sop- en sjerrie-aand

Op 14 Julie is ons jaarlikse sop- en sjerrie-aand gehou en die susters het hulself weereens oortref met heerlike sop en ander eetgoed soos gevulde eiers, “begrafnisbroodjies” en frikkadelle. ’n Spesiale sanggroep het die gemeente verras met hul genotvolle, “uitdrukkinglose” optrede. Karin Hough se lensiesop het haar die sopkoningtrofee in die sak gebring.




Micky Badenhorst (regs) oorhandig die Sopkoningtrofee aan Karin Hough (links)

### Gemeente-ete


Op 16 Augustus 2023 was dit die gemeente se verjaarsdag. Die gemeente-ete ná die nagmaaldiens op 20 Augustus, het die tema van ’n verjaarsdagpartytjie ten opsigte van die tafels uitgebeeld. Dit is verblydend en stof tot dankbaarheid dat die opkoms by beide die sop- en sjerrie-aand en die gemeente-ete baie beter was as by vorige geleenthede.

### In memoriam

Die gemeente is hartseer oor die afsterwe van twee lidmate. Oom Henk Verhoef is op 22 Julie in die ouderdom van 85 oorlede en Kiara Rossouw op 16 Augustus op 19-jarige leeftyd. Haar dood kom sowat drie jaar ná dié van haar jonger broer Keagan, “ons geliefde sangertjie”. Die naasbestaandes word die troos van ons hemelse Vader toegebid.



Oom Henk Verhoef



Kiara Rossouw

Micky Badenhorst

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
MAJUBA 1881
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.
**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

**Oornagverblyf Kroonstad**
2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**
• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer
Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959



# Paul Kruger – Afrikanerkolos

**Dr. Pieter Möller**

"Paul Kruger was die man wat bestem was om nie alleen die staatspresident van die latere Zuid-Afrikaansche Republiek te word nie, maar wat vir die Afrikanervolk 'n legendariese figuur sou word en wat in die volksverbeelding sou voortleef as een van die grootste manne wat Suid-Afrika voortgebring het," merk dr. JI Rademeyer tereg op.[1] Om derhalwe in 'n artikel soos hierdie reg aan hom te laat geskied, is 'n onbegonne taak en daar sal maar oorsigtelik te werk gegaan word.

Paul Kruger is op 10 Oktober 1825 op die plaas Bulhoek gebore. As tienjarige maak hy die Groot Trek mee toe sy vader by die Potgietertrek aansluit. Oor die Groot Trek getuig hy dat die grusame gebeure in sy geheue gegrif is. In 1836 neem hy aan die geveg tussen die Matebeles en die Potgietertrek by Vegkop deel. Dit was die eerste van baie gevegte teen swart stamme waarby hy in die komende jare betrokke sou wees. As 16-jarige gaan woon hy op die plaas Waterkloof aan die voet van die Magaliesberge en 'n jaar later trou hy met Maria du Plessis. Sy ontval hom vier jaar later met die geboorte van hul eersteling. In 1847 trou hy met haar niggie, Gezina du Plessis, en uit dié huwelik is 16 kinders, van wie verskeie vroeg oorlede is, gebore.

Reeds in 1846 tree hy as waarnemende veldkornet tydens 'n veldtog teen die Bapedi-opperhoof, Sekwati, op. In 1852 is hy weer veldkornet tydens 'n veldtog teen Sekwati. In dieselfde jaar vergesel hy Andries Pretorius na die Sandrivier-konvensie, waartydens die Engelse die Transvaal se onafhanklikheid erken. In 1854 doen hy sy beroemde heldedaad toe hy die lyk van kommandant-generaal Piet Potgieter by Makapansgrot, tussen die swartes, gaan uithaal. Die volgende jaar word hy lid van 'n volksraadskommissie wat 'n grondwet moes opstel. Hierna was hy ook prominent in die beslegting van geskille tussen die Transvaalse leiers Stephanus Schoeman en MW Pretorius, en met die Vrystaters oor die kwessie van vereniging van die twee Boererepublieke. In die vroeg sestigerjare breek daar burgeroorlog in Transvaal uit waarin kommandant Kruger 'n belangrike rol speel om die orde te herstel. In die proses tree hy ook teen Stephanus Schoeman en kommandant Viljoen op. In 1863 word Kruger kommandant-generaal. Intussen lei hy ook 'n kommando teen Mapela.



Paul Kruger

As gereformeerde Christengelowige is hy in 1859 een van 15 ondertekenaars van die brief wat aan die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk gerig is en as gevolg waarvan die Vrye Gereformeerde Kerk in Transvaal ontstaan. Ná die bedanking van MW Pretorius, word ds. TF Burgers in 1872 as president van die ZAR verkies. Vanweë sy godsdienstige liberalisme, was Kruger teen sy verkiesing gekant. In 1874 word hy lid van die Uitvoerende Raad en voor die Shepstone-anneksasie (1877) word hy aangewys om Burgers as presidentskandidaat te opponeer. As gevolg van die anneksasie vind die verkiesing nie plaas nie, maar hy word wel as visepresident verkies. In die jare wat volg, tree hy as volksleier na vore. In 1877-1878 lei hy afvaardigings na Engeland om die anneksasie ongedaan te probeer maak. Toe vreedsame pogings tot verset in die daaropvolgende drie jaar nie slaag nie, word hy in Desember 1880 as deel van 'n driemanskap (MW Pretorius en Piet Joubert), as regering van die ZAR verkies.

Ná die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) tree hy, ten spyte van slegs drie maande formele onderwys, sterk op die voorgrond. Selfs Piet Joubert ('n politieke teenstander) se biograaf beklemtoon die rol wat Kruger gespeel het: "The man who made the biggest impression during the peace negotiations was Paul Kruger ... It was in fact Kruger's first real emergence as a national leader."

1. Dr. JI Rademeyer, *Paul Kruger* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1962), 1.

Vervolg op bl. 36




# Kinders by dosyne!

**Charlotte Fourie**

**Vroeër vanjaar gesels ek met 'n vriendin terwyl ons mans om die braaivleisvuur saamdrom. Ek noem aan haar dat ons graag 'n vierde kind wil hê. Terwyl sy 'n bietjie aan haar koeldrank stik, asem sy dit uit: "Is jy ernstig?" Toe sy my geamuseerde uitdrukking sien, voeg sy vinnig by: "Hoekom?" Ek het geglimlag en gesê: "Ons het nog altyd van 'n groot familie gedroom."**

'n Paar maande later is ons wens bewaarheid en ons het die nuus opgewonde met ons familie gedeel. Terwyl die meerderheid verheug was, het sommige se reaksie dieselfde verrassing wat my vriendin getoon het, weerspieël. Namate die nuus onder ons kollegas en vriende versprei het, het ons 'n verdere mengsel van reaksies teëgekom. Baie was verbaas dat ons nog een by ons trio wou voeg. Vrae soos: Hoe gaan julle dit regkry om as 'n gesin van ses te reis? Julle gaan seker 'n nuwe kar moet koop? Hoe gaan julle dit bekostig? is in sarsies afgevuur. Die immer nuuskieriges het gevra: "Is dit weer 'n tweeling?" en die mees algemene vraag was: "Is dit beplan?"



Wat 'n nuwe voertuig betref, is ons motorhuis nie groot genoeg vir 'n bus nie. As jy goed beplan, kom kinders met hul eie beursies, wat bekostigbaarheid betref. Nee, dis nie hierdie keer 'n dubbele bondel nie. Ja, ons is regtig seker daar is net een op pad. En ja, hierdie vreugdevolle toevoeging was absoluut beplan.

## Skaamkry vir baie kinders?

"Onverantwoordelik" is 'n woord wat baie gebruik word as kritiek teen ouers wat groot gesinne bou en talle argumente word aangevoer om klein gesinne te bepleit: baie kinders beperk ouers se persoonlike en professionele groei en ontwikkeling; baie kinders plaas onnodige finansiële druk op ouers; die wêreld is reeds oorbevolk; daar gaan nie genoeg werksgeleenthede vir hulle wees nie; die toekoms vir kinders in ons land lyk sleg. Kortweg: Dit is onverantwoordelik om 'n onskuldige kind aan hierdie omstandighede bloot te stel!

God seën sommige huwelike met vrugbaarheid. Om saam te werk om sy kerk deur kinders te laat groei, is 'n gedeelde verantwoordelikheid. Elke nuwe kind wat vir die kerk gebore word, is 'n seën. Tog, as ons hierdie Goddelike plan nie waardeer nie, kan vrugbaarheid 'n las of selfs 'n bron van angs wees. Die geskenk van vrugbaarheid word soms betwyfel, asof dit 'n risiko is wat onvoorsiene gevolge inhou. Diegene wat nie die Goddelike doel daarvan sien nie, beperk dikwels die aantal kinders wat hulle het of aanvaar hulle teësinnig en glo dan maar dat dit God se wil is. Hulle word dalk beïnvloed deur wêreldse perspektiewe op gesinsbeplanning. Of hulle voel geoordeel omdat hulle groot gesinne het, of kies om minder kinders te hê, op grond van maatskaplike druk. Slegs deur die Goddelike doel van vrugbaarheid te verstaan, kan ons hierdie geskenk ten volle waardeer en benut.

Om trots te wees op 'n groot familie, wat deur God beskik is, is noodsaaklik. Dit is ook belangrik om te kan onderskei wanneer dit reg is om nie meer kinders te hê nie, en daarvolgens 'n verantwoordelike keuse te maak. Dit beteken nie dat diegene sonder kinders, of diegene wat kies om nie te trou nie, nie tot God se kerk kan bydra

nie. Nee, elkeen speel ’n rol om sy koninkryk te bou. So speel die kerklike gemeenskap ’n belangrike rol in die grootmaak van elke kind en ouers moet kan staatmaak op hul ondersteuning. Selfs diegene sonder kinders moet hul unieke rol verstaan. Vandag kan ongetroude of kinderlose individue steeds vader- en moederfigure wees, wat onthou word vir hul vrugbare bydraes. Hulle beklee ’n spesiale plek in die harte van die kerkvolk en God.

### Vermeerder, ten spyte van swaarkry ...

In tye van teëspoed kan geloof en gehoorsaamheid lei tot die groei van God se koninkryk, selfs al beteken dit dat jy bespotting in die gesig staar. In Egipte, toe die Israeliete onder God se seën gegroei het, het ’n nuwe farao bedreig gevoel. Hy het probeer om die Israeliete deur slawerny te onderdruk. Ten spyte van die onderdrukking het die Israeliete in geloof bly vermeerder. Vandag kan maatskaplike druk daarop dui dat uitdagende tye kleiner gesinne vereis. Die verhaal uit Exodus leer ons egter dat geloof en God se beloftes selfs in moeilike tye seëvier. Om God se beloftes eerder as menslike projeksies te vertrou, is noodsaaklik. In moeilike tye soek God meer gelowiges om die Bose se invloed teen te werk. Bybelgetroue gesinne, ongeag die grootte, floreer in uitdagende omstandighede wanneer God se eer vooropgestel word:

> *As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter* (Ps. 127:1).

Elke gesin se grootte en omstandighede is uniek en God se plan omvat selfs hierdie sake.

Klein gesinne, groot gesinne, gesinne met net een kind – as God die gesin beskik, sal dit die ideale gesinsamestelling wees. As God die gesin beskik, sal ouers die uitdagings met moed kan aanpak. Soms, wanneer dit voel of ons ons kinders nooit groot gaan kry nie, is die wete dat iemand vir ons gesin bid, genoeg om ons deur ’n moeilike dag te kry. Bid vir die gesinne in jou gemeente; bid vir jong ouers wat besig is met gesinsbeplanning; bid vir die kinders in klein en groot gesinne; bid vir enkelkinders.

---

Vervolg vanaf bl. 34

## Paul Kruger – Afrikanerkolos

In 1883 word Kruger die eerste keer as president verkies en daarna vir nog drie keer. Dieselfde jaar lei hy weer ’n afvaardiging na Engeland om beperkings wat die vrede (Pretoria-konvensie) opgelê het, uit die weg te ruim (met ’n groot mate van sukses). Met die ontdekking van goud (1886) stroom geldbehepte fortuinsoekers na die ZAR. Daar is reeds in vorige artikels gewys op die uiters negatiewe rol van die jingokapitaliste, hul negatiewe en onwaar propagandastroom na Engeland en die Jameson-inval. In die negentigerjare kry Kruger ook toenemend met ’n Engelse insluitingsbeleid te doen, waarin Rhodes, sy imperialistiese teenstander, ook ’n beduidende rol speel. In die proses word die Noorde en Ooskus vir die ZAR gesluit. Net die Delagoabaaispoorlyn, wat in 1895 in bedryf gestel is, het ’n mate van uitkoms gebied.

Die Engelse regering meng ook al meer in die binnelandse sake van die ZAR in, kwansuis vanweë stemreg wat sy onderdane ontneem word. Ten gevolge daarvan loop dit in 1899 op ’n konferensie in Bloemfontein uit. Dit was vanuit die staanspoor duidelik dat Milner, die Hoë Kommissaris in SA, nóg in ’n oplossing, nóg in vrede belangstel. Hy sou nie rus voordat Kruger en sy ZAR aan Brittanje onderwerp is nie. Op 11 Oktober breek die Tweede Vryheidsoorlog dan ook uit en kry Milner en die Britse Minister van Kolonies, Chamberlain, hul sin – die ZAR word ná heldhaftige stryd onderwerp. Om te voorkom dat Kruger in die vyand se hande val én om hulp vir die ZAR te probeer bekom, stuur die Uitvoerende Raad die bejaarde president in 1900 na Europa. Hy word in Duitsland, Frankryk en Holland deur skares met heldeverering ontvang, maar geen moondheid, waarvan die meeste die Boere simpatiekgesind was, is bereid om te help en in ’n oorlog met Engeland betrokke te raak nie.

Paul Kruger het sy laaste vier lewensjare in Europa, ver van sy geliefde Transvaal, deurgebring. Op 29 Junie 1904 het hy sy laaste boodskap aan sy volksgenote geskryf en daarin onder meer beklemtoon dat wie ’n toekoms wil skep, nie die verlede uit die oog mag verloor nie. Hierdie vrome Godsman, leidsman en simbool van Afrikanernasionalisme, sterf op 14 Julie 1904 in Clarens, Switzerland en word op 16 Desember 1904 finaal in die heldeakker in Pretoria te ruste gelê. Eers 57 jaar later, in 1961, verskyn Paul Kruger, ’n biografie in twee dele, uit die pen van prof. DW Krüger.

*Die spesiale aanbiedings in hierdie uitgawe is geldig van 1 November tot 9 Desember 2023. Terwyl voorraad hou.*

# SAKPAS GESKENKIDEES




KRY AL VIER!

WAS: ~~R510~~ **NOU: R350**




WAS: ~~R250,00~~
NOU: **R175,00**




WAS: ~~R75,00~~
**NOU: R50,00**




WAS: ~~R55,00~~
**NOU: R40,00**





WAS: ~~R150,00~~
NOU: **R100,00**

# Die Boekwinkel

LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za

*Die spesiale aanbiedings in hierdie uitgawe is geldig van 1 November tot 9 Desember 2023. Terwyl voorraad hou.*




WAS: ~~R110,00~~ NOU: **R80,00**


« Die mistieke wêreld sal ons altyd betower. Mense word aangegryp en geboei deur die dinge wat hulle nie kan sien nie en daarom word daar soms baie nuuskierig ondersoek daarna ingestel. Met hierdie Bybelstudie is gepoog om baie vrae en misverstande wat oor die onderwerp bestaan, Bybels te beantwoord.

Deur Skrifgebonde Bybelstudie ontdek ons die waarheid oor wat die Here oor engele openbaar. Wanneer die Skrif as vertrekpunt gebruik word – en nie mense se sogenaamde ervaringe met engele nie – kan op 'n nugtere wyse oor die onderwerp gedink word.

Met hierdie Bybelstudie is gepoog om gelowiges se fokus reg te trek. Engele is bloot diensknegte. Ons moet ons verwonder oor die lewende God wat hulle gemaak het.

Ons moet ons ook anders as die wêreld met die studie oor engele besighou. Hulle fokus op die geskape dinge – dit verwonder en betower hulle. Hierdie studie moet ons aandag op God fokus. Sy grootheid en almag moet ons opnuut aangryp. Juis daarom wil die naam van die Bybelstudieboekie die klem op Gód en nie op die engele nie, laat val.

'n Tematiese Bybelstudie se bedoeling is nie maar net om mense meer van die inhoud van die Bybel te laat leer nie. Enige Bybelstudie se fokus moet altyd wees om die groot, almagtige God te verheerlik. Wanneer ons engele bestudeer, moet ons opnuut in verwondering staan oor die Een wat hulle geskep het en in sy diens gebruik. Engele bly maar net diensknegte van die lewende God.

















**KRY AL VYF!** WAS: ~~R880~~ **NOU: R700**



JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 177 • November 2023

# HUISGODSDIENS

As kind van gelowige ouers, weet jy seker wat met huisgodsdiens bedoel word? Wel, as jy dit volgens die volgende verduideliking verstaan, is jy heeltemal reg: Huisgodsdiens is wanneer 'n gesin een maal per dag (of meer, indien moontlik) bymekaar kom om uit die Bybel te lees, saam te bid en saam te sing. Dan lees Pa (of Ma) hardop uit die Bybel voor. Daar kan ook beurte gemaak word, sodat almal in die gesin wat kan lees, 'n beurt kry. Wanneer daar klaar voorgelees is, word die gedeelte (of dalk net 'n deel daarvan) bespreek. Vrae waaroor julle kan gesels, kan byvoorbeeld wees: Wat sê die Here hier vir julle? Met sulke vrae sien 'n mens gou hoe die Here die Bybel op ons daaglikse lewens van toepassing maak. 'n Psalm of gesang (dalk een wat by die gelese gedeelte pas) word dan gesing en dan word daar met 'n gebed afgesluit (daar kan ook beurte gemaak word om te bid).

Nou wil jy seker weet hoe 'n mens Bybelstudie moet doen? Op hierdie vraag is daar nie net een antwoord nie, maar 'n paar keuses:

1 Die Bybel kan oor 'n tydperk van een jaar van voor tot agter deurgelees word.

2 'n Spesifieke Bybelboek kan bestudeer word deur vers vir vers met behulp van die *Bybel met Verklarende Aantekeninge*, na te gaan.

3 Die Bybel kan bestudeer word deur ’n Bybelstudieboek deur te werk.

4 Bybeltemas kan bestudeer word (daar kan bv. oral in die Bybel gelees word wat daar van offers gesê word).

Die hedendaagse lewe is baie besig en nou wonder jy seker waar daar nog tyd vir huisgodsdiens gaan wees! Huisgodsdiens is so belangrik dat ’n gesin tyd daarvoor móét maak: vroegoggend, voor skool, of saans ná ete.

Verder is dit belangrik om te weet dat gebed ’n belangrike deel van huisgodsdiens is. Om te keer dat julle elke keer net kort gebedjies aframmel, moet ’n gesin gefokus bid. Hoe kry ’n mens dit reg? Deur nie elke keer dieselfde te bid nie, maar te bid oor dít waarvan julle in die Bybel gelees het. Dit is ook goed om jul gebede vir ander mense af te wissel: een keer vir siek mense, dan vir onderwysers en ’n volgende keer vir Bybelverspreiding, ensovoorts. Eintlik kan ’n mens oor alles bid! Maar die belangrikste is dat julle as gesin Gód moet aanbid – in jul harte voor Hom buig, Hom roem omdat Hy God is, Hom loof. Julle moet jul nood voor Hom lê, sy leiding vra, die werking van die Gees in jul lewens afsmeek, om sy genade pleit, Hom dank vir alle seëninge, voorbidding doen vir almal wat in nood is – vir jul gesin, jul dierbares, ons volk, ons land, ander volkere, vir orde en vrede, vir die koms van God se koninkryk, sondebelydenis, ensovoorts.

Hoe moet ’n mens se gebedshouding wees? Die Bybel skryf dit nie voor nie. Wat wel uit jul gebedshouding duidelik moet wees, is dat julle nederig voor God is en dat julle Hom hoog ag. Daarom is ’n gebedshouding met hande in die sakke, of terwyl jy teen ’n muur of kas lê-staan, nie ’n eerbiedige houding nie. Om gedurende jul gebede hande te vou, wys dat julle tot niks in staat is sonder die krag van die Here nie (ons hande is as't ware vasgebind, afgekap sonder Hom). Dit is ook tradisioneel ’n gebaar van aanbidding.

Mag jou gesin se gehoorsame toewyding aan huisgodsdiens, groot vrug dra.

---

Riglyne geneem uit die sinodale publikasie *Volwasse in die geloof*.

Groete, ds. Henning

# Bíleam en die donkie (Númeri 22-24)




*Boustene van die Koninkryk: Graad 1*
*Illustrasie deur Ester van Deventer*

# KINDEROPVOEDING

*Opgestel deur Daleen Pienaar*

Die Spreukedigter pleit by kinders om die gebod van die vader te bewaar en die onderwysing van die moeder nie te verwerp nie. Die voordele: Dit sal jou lei as jy wandel, oor jou wag hou as jy slaap en jou toespreek as jy wakker word. Die gebod en die onderwysing is dus jou lamp "vir jou voet", "die lig op jou pad" en selfs 'n weg tot die lewe. (Erkenning: Ds. Ruan Combrink. *Onder Sy heerskappy*, 6 Oktober 2022.)




*Software ©crossword-compiler.com*

## DWARS

1. Toesighouer (Spr. 6:7)
4. Dit is vol valse streke (Spr. 6:14)
7. Dui op die voëlvanger se net (Spr. 6:5)
8. Dit kom soos 'n rondloper op jou pad (Spr. 6:11)
9. Om aanspreeklikheid vir andere te aanvaar (Spr. 6:1)
11. 'n Nikswerd mens vol onreg (Spr. 6:12)
14. 'n Leier (Spr. 6:7)
16. Versameling van voedsel in die oestyd (Spr. 6:8)
18. Bewaar sy gebod, hou daaraan vas (Spr. 6:20)
19. Kwaad wat die deugniet bewerk (Spr. 6:14)
20. Slaan haar onderwysing nie in die wind nie (Spr. 6:20)
21. Om verstrengel te wees (Spr. 6:2)

## AF

2. Om in te dut (Spr. 6:10)
3. Behoeftigheid (Spr. 6:11)
5. Daarmee spreek die deugniet leuens (Spr. 6:17)
6. Onenigheid, verdeeldheid (Spr. 6:14)
7. Deur die oë gestraal (Spr. 6:17)
10. Om te verleen (Spr. 6:4)
12. Om leiding te gee as jy wakker word (Spr. 6:22)
13. Die lamp vir jou pad (Spr. 6:23)
15. Kosvoorraad van die miere (Spr. 6:8)
17. Flukse dog leierlose insek (Spr. 6:6)
18. Oneerlik, nie opreg nie (Spr. 6:12)



Ester van Deventer

## BÍLEAM EN DIE DONKIE (NÚMERI 22-24)

Die Israeliete was steeds nie in die Beloofde Land nie. Hulle moes veertig jaar lank in die woestyn bly omdat hulle nie op die HERE vertrou het nie. In die woestyn was hulle naby aan die land van die Moabiete. Die koning van die Moabiete se naam was Balak. Hy het gehoor dat Israel se God die Egiptenaars vreeslik gestraf het. Hy was bang dat dit met hom ook gaan gebeur. Skielik het hy aan Bíleam gedink. Bíleam was ’n fortuinverteller. Koning Balak het sy dienaars na Bíleam gestuur om hom te laat haal.

“Bíleam,” het hulle gesê, “die koning wil hê dat jy die Israeliete moet vervloek. As jy hulle vervloek sal dit net sleg met hulle gaan.” Bíleam het so ’n bietjie daaroor gedink.

“Slaap vanaand hier,” het hy geantwoord, “dan sal ek môre vir julle sê wat ek gaan doen.” Daardie nag het God met Bíleam gepraat.

“Jy mag nie na Moab gaan nie. Jy wil my mense vervloek, maar dit sal nie help nie. Ek het hulle klaar geseën.” Toe Bíleam die volgende oggend aan die dienaars van die koning vertel wat God aan hom gesê het, het hulle sonder hom na koning Balak teruggegaan. Die koning was baie ongelukkig. Hy het weer sy dienaars na Bíleam gestuur. Hulle het selfs belowe om vir hom baie geskenke en belonings te gee as hy na Moab sou gaan. Bíleam het van die idee gehou. Hy kon sommer vinnig ryk word! Maar hy het ook die HERE se woorde onthou.

"Slaap vanaand weer hier. Dan sal ek môre vir julle sê wat ek gaan doen," het hy gesê. Voordat Bíleam aan die slaap geraak het, het hy vir homself gesê: Môre sal ek na Moab gaan en dan gaan ek ryk word! Daardie nag het die Here weer met Bíleam gepraat. Hy het geweet wat Bíleam wou doen.

"Jy kan na Moab gaan, maar jy mag net die woorde sê wat Ek vir jou gee," het God gesê. Die volgende dag het Bíleam sy donkie opgesaal en saam met die dienaars na Moab vertrek. Skielik het die donkie doodstil gaan staan. Sy wou nie roer nie.

"Kom, kom," het Bíleam die donkie aangehits. Maar die donkie wou nie verder loop nie. Bíleam het kwaad geword. Hy het al harder op die donkie geskree. Toe dit nie wou help nie het hy die donkie begin slaan. Maar tevergeefs ... Pleks dat die donkie begin stap, het sy in die middel van die pad gaan lê. Dit het Bíleam so kwaad gemaak dat hy die donkie met 'n stok geslaan het. Skielik het die donkie begin praat. Dit was 'n wonderwerk wat die Here gedoen het.

"Waarom slaan jy my so vreeslik," het die donkie gevra. "Wat het ek verkeerd gedoen?" Bíleam was nog steeds kwaad.

"As ek 'n swaard gehad het sou ek jou sommer net hier doodmaak!" het hy geskree. Maar terwyl hy nog so kwaad was, het die Here sy oë oopgemaak sodat hy kon sien waarom die donkie nie beweeg nie. Iemand het die donkie gekeer. Dit was 'n engel met 'n swaard in sy hand. Hy wou Bíleam keer sodat hy die Israeliete nie kon vervloek nie. Dadelik het Bíleam op sy knieë neergeval. "Ek het gesondig," het hy bely, "ek sal dadelik omdraai en huis toe gaan." Die engel het hom gekeer.

"Nee, gaan na Moab, maar jy mag net die woorde sê wat ek jou beveel." Bíleam het toe veder vertrek na Moab.

"Ek kan die Here se mense nie vervloek nie!" het hy gesê toe hy by koning Balak kom. "Ek kan hulle net seën. Hulle is God se kinders. God beskerm hulle. Al doen hulle baie sonde, sal Hy nog steeds vir hulle sorg!" Hierdie woorde het die koning baie kwaad gemaak.

"Dit is nie wat ek wil hê nie, Bíleam!" het hy geroep, "jy moet hulle vervloek, maar nou seën jy hulle!"

"Ek kan niks anders doen nie, o koning. Hulle is God se volk en eendag gaan 'n Koning uit Israel gebore word wat soos 'n ster sal skyn," het Bíleam geantwoord. Toe koning Balak hierdie woorde hoor het hy na sy paleis teruggegaan. Sy plan het misluk. God het die vloek in 'n seën verander.



# DIE GOEIE GEVOLGE VAN TOEGEWYDE, PERSOONLIKE STILTETYD

DS. HENNING DAFEL

As jy regtig iets goed vir jou siel wil doen, moet jy persoonlike stiltetyd deel van elke dag se program maak. Hier is vyf voordele wat dit vir jou kan inhou:

1 **Jy kry geestelike voedsel:** Daaglikse stiltetyd is die ideale geleentheid om jou gees te voed en jou verhouding met God te verdiep. Soos jou liggaam, het jou siel ook voedsel nodig. Daarsonder sal jy 'n honger en 'n dors in jou siel beleef. Psalm 42 verduidelik vir ons iets hiervan as die Psalmskrywer sê dat sy siel na die Here se nabyheid verlang, soos wat 'n bok in die woestyn na water dors. Daarom sal jy agterkom dat die tyd wat jy gebruik om Bybel te lees, daaroor na te dink en tot God te bid, tyd is wat jou siel voed.

2 **Jy leer God ken:** Deur elke dag Bybel te lees, sal jy meer en meer van God leer ken. Jy sal beter en beter verstaan wie Hy is, wat Hy gedoen het, wat Hy gesê het en wat Hy beloof het Hy nog gaan doen. Jy gaan ook beter verstaan waarom God sê dat

sekere dinge sonde is en waarom jy dit nie moet doen nie. Die beste is egter dat wanneer jy God en sy liefde regtig leer ken, jou hart rustig sal wees, omdat jy weet dat Hy groter as enige probleem is.

3 **Jy kry leiding en rigting:** Die lewe is baie onseker – ons moet elke dag besluite neem. Sommige van daardie besluite is maklik en maak nie regtig saak nie, byvoorbeeld: Watter skoene moet ek dra? Hoeveel suiker moet ek in my koffie drink? Ander besluite is weer baie moeiliker om te neem, want daardie besluite het gevolge, byvoorbeeld: Watter hoërskool is die beste vir my? Is daardie vriend of vriendin die regte keuse vir my? Al praat die Bybel nie oor elke ding op aarde nie, gee dit tog goeie raad oor hoe om goeie besluite te neem. Wanneer jy die Bybel se raad onthou en toepas, maak dit moeilike besluite soms baie makliker. Deur elke dag stiltetyd te hou, kry jy goeie raad, wat jy later kan gebruik.

4 **Jy ervaar geestelike groei en volwassenheid:** Dit beteken dat jy elke dag doelbewus kies om jou tyd en energie aan die ontwikkeling van jou geestelike lewe te wy. Hierdie toewyding sal jou help om jou hart en verstand in lyn met die waarhede van God se Woord te bring. Dit help jou weer om in jou geloof, liefde, en in gehoorsaamheid aan sy gebooie, te groei. Dit hou in dat jy nie oppervlakkig in jou geloof sal bly nie, maar dat jy regtig daarna sal streef om 'n dieper verhouding met God te hê. Dit beteken ook dat jy bereid sal wees om aandag aan die kleinste dingetjies van jou geestelike lewe te gee en dat jy gehoorsaam wil wees aan die leiding van die Heilige Gees. Deur konsekwent toegewyd te wees, sal jy gou in 'n groeiende en volwasse verhouding met God staan. So leer jy Hom beter ken en ervaar jy sy liefde ten volle.

5 **Jy kry vrede en innerlike krag:** Daaglikse stiltetyd is jou bron van vrede en innerlike krag in ons deurmekaar wêreld. Dit sal jou help om jou troos in God se teenwoordigheid en beloftes te vind, én – dit gee hoop vir môre, kom wat wil.

Onthou, die voordele van daaglikse stiltetyd is meer hierdie vyf sake – dit kan groot betekenis vir elke aspek van jou lewe hê!